

DIREKTORAAT VAN VEILIGHEIDSWETGEWING  
DIRECTORATE OF SECURITY LEGISLATION

LÉER NR. 2141213  
FILE NO. 2141213 6

LÉER NR. 2141213  
FILE NO. 2141213

HOOFREKES  
MAIN SERIES DEFENCE AND AID FUND

ONDERWERP  
SUBJECT

LÉER  
FILE

LÉER GEOPEN OP  
FILE OPENED ON 7-9-67

LÉER GESLUIT OP  
FILE CLOSED ON 24-1-68

BESKIKKINGSVOORSKRIFTE  
DISPOSAL DIRECTIONS

SUBLEER OF GEVAL  
SUBFILE OR CASE

LÉER NR. 2141213  
FILE NO. 2141213

DEEL  
PART 6



RO

DECLASSIFIED

GEHEIM.

KAAPSTAD.

DIE SEKRETARIS.



2/2/13

DEFENCE AND AID FUND.

1. 'n Klompie eksemplare van mnr. Willcocks se verkorte verslag is in die omslag. Dit is nou aangevul ten einde die verband tussen die plaaslike "Fund" en sy teenhanger in Engeland duideliker aan te dui - kyk paragraaf (e) op bladsy 5 van die verslag en Bylae F. Origens is dit onveranderd behalwe dat die woorde in hakies na "Christian Action" op bladsy 2 bygevoeg is.

2. Hierdie veranderinge is aangebring met die doel om dit duideliker by die leser tuis te bring dat die plaaslike organisasie maar net nog 'n arm van Collins se "Christian Action" en "Defence and Aid Fund" in Londen was en dat o.a. Collins se beleidsverklarings dus ook op daardie arm van toepassing was. Insgelyks word aanspraak van die organisasie in Suid-Afrika - en dit sluit Hoffenberg in - nouer aan Collins en sy organisasies se bedrywighede en aan Collins se uitlatings gekoppel.

3. Indien u die veranderinge steun, moet die deur mnr. Willcocks ondertekende eksemplaar wat in u besit is, asseblief vernietig word. 'n Getekende eksemplaar van die gewysigde verslag is in die omslag.


*J*  
22-1-68

DECLASSIFIED

KAAPSTAD.

PER LUGPOS.

DIE SEKRETARIS.



BEREDDERAAR SE VERSLAG INSAKE DIE DEFENCE AND AID FUND.

1. U nota aan A/S(R) (hieronder) en u aantekeninge in bygaande afskrif van die Beredderaar se verslag verwys.
2. Die afskrif van die verslag wat u voor u gehad het toe u die opmerking gemerk "A" in u nota hieronder aangebring het, was een van die eerste <sup>stel</sup> afskrifte wat aan u gestuur is. In die gewysigde <sup>stel</sup> afskrifte wat later aangestuur is, is daar wel n verwysing na die verwantskap tussen "Defence and Aid Fund" hier en "Defence and Aid" van "Christian Action" in Engeland (kyk asseblief paragraaf (e) op bladsy 5 en Bylae "F" in laasgenoemde afskrifte).
3. U aantekeninge in die verslag word in die volgorde waarin hulle aangebring is hieronder behandel:
  - (a) Aantekening op die binneblad van die omslag:  
Die volgende is nou <sup>op bladsy 5, tweede laaste paragraaf</sup> by paragraaf (f) onder die hoof Boekhouding ingewerk:

"Die bates van die "Fund" was oor die hele land versprei. Benewens die bates waarop beslag gelê is, is kontant bates aan die hand van inligting wat deur die Suid-Afrikaanse Polisie aan my verstrek is, opgespoor en geïm".
  - (b) Aantekening op rugkant van bladsy 1:

Ofskoon die Beredderaar tevrede is dat die bewering ~~wat~~ oor die organisasies wat nie gemerk is nie,

korrek is, beskik hy nie oor genoegsame inligting om dit by wyse van n verduideliking in Bylaag A te staaf nie. Hy het dus by heroorweging besluit om die name van die betrokke organisasies uit sy verslag te verwyder. Die Beredderaar het ook die besonderhede oor National Committee for Liberation for Sabotage for Political Purposes ( volgens hom is die naam korrek), die Liberale Party en die Congress of Democrats uit Bylaag "A" verwyder aangesien dit, soos u daarop wys, nie eintlik goeie voorbeelde van skakeling was nie en hy nie op kort kennisgewing beter voorbeelde tussen die duisende stukke kon uitkry nie.

- (c) Aantekening op rugkant van bladsy 2 van Bylaag "A". Die aspek is reeds in paragraaf (b) hierbo behandel.
- (d) Aantekening op rugkant van bladsy 3 van Bylaag "A". Die naam van die Liberale Party is uit die verslag verwyder (kyk paragraaf (b) hierbo).
- (e) Aantekening op rugkant van bladsy 5 van Bylaag "A". Die naam van die Congress of Democrats is uit die verslag verwyder (kyk paragraaf (b) hierbo).
- (f) Aantekeninge op rugkant van bladsy 6 en op bladsy 7 van Bylaag "A".

Die verklaring van die Bantoelid van die Kommunistiese Party van Suid-Afrika was in die feiteverslag oor Defence and Aid Fund vervat en het dus wel deel van die stukke gevorm. Die inligting wat deur Fred Carneson verstrekk is, is nou onder die betrokke hoof ingewerk. Carneson en die Bantoe se name word



nie genoem nie omdat die verklarings van hulle verkry is terwyl hulle negentig dae-aangehoudenes was en dit nog deurgaans die beleid was toe daar by vorige geleenthede na hul verklarings verwys is om hulle name te verswyg.

(g) Aantekening op rugkant van bladsy 4 van Bylaag "B".

Die Beredderaar verwys in sy verslag na talle ander stukke sonder om te vermeld waar dit verkry is.

Dit is dus nie doenlik geag om in die geval van slegs die een stuk 'n verduideliking te gee nie.

(h) Aantekening op rugkant van bladsy 2 van Bylaag "C".

Die uitknipsel waarop die betrokke advertensie voorkom, is in die omslag.

4. Dit is 'n onbegonne taak om in die stadium die feite wat in die verslag vervat is te kontroleer aangesien dit sal meebring dat al die stukke oor die "Fund" deurgewerk moet word. O/S(R) het dit by geleentheid egter duidelik aan die Beredderaar gestel dat die verslag syne is en dat hy verantwoordelikheid vir die feite daarin vervat moet aanvaar. Hy het toe aangedui dat hy tevrede is dat die feite korrek is en dat hy bereid is om daarvoor verantwoording te doen.

5. Die Taaldiensburo het onderneem om die vertaling te behartig. Ongelukkig is daar skynbaar nie onmiddellik met die taak begin nie maar daar is vanoggend vasgestel dat die vertaling voltooi is en nou getik word. Alle pogings word aangewend om die vertaling teen Woensdag (7 Februarie) af te stuur.

6. Drie afskrifte van die verbeterde verslag is aangeheg. Die res kon nie betyds afgerol word nie en word môre-oggend in Kompol se possak aangestuur.

✓ 5/2/68  
AP 12/68  
Q 5.2.68

10.0.C.

Best Party.

What is your hope  
perhaps know our future  
our meeting; Great in spirit  
at - and love me that be my  
And may we hear in  
love let me.

Yours.

Mo.

A  
John: show me your but: dear  
friends: find in the  
order in the streets;  
is - how by me even in  
me? to party and.

Mo.

~~John~~  
~~Mo.~~  
22.11.68

22.1.68  
*W. van der Merwe*  
*van der Merwe*

Sy Edele die Minister van Justisie,  
PRETORIA.

Geagte Minister,

BEREDDERING VAN DIE BATES EN LASTE VAN DIE DEFENCE  
AND AID FUND.

1. Die Defence and Aid Fund is op 18 Maart 1966 ingevolge artikel 2(2) van die Wet op die Onderdrukking van Kommunisme, 1950 (Wet No. 44 van 1950) tot 'n onwettige organisasie verklaar. U het my ingevolge artikel 3(1)(b) van die Wet as beredderaar van die organisasie se bates aangewys. Hiermee doen ek graag aan u verslag aangaande die uitvoering en afhandeling van my taak.

2. Die eerste deel van my bereddering het bestaan uit die opspoor en te gelde maak van die organisasie se bates. Hierdie gedeelte van my taak is deur 'n verskeidenheid van faktore bemoeilik. Ek ag dit nodig om u volledig aangaande hierdie faktore in te lig:

(a) Daar was talle organisasies beide in die buiteland en hier ter plaatse wat intiem aan Defence and Aid gekoppel was of daadwerklik die doelstellings van die "Fund" bevorder of help bevorder het.

In die buiteland was daar die volgende organisasies:

- (i) "American Committee on Africa".
- (ii) "Scottish Council for African Questions".
- (iii) "World Council of Churches".
- (iv) "Amnesty International".
- (v) "World Campaign for the Release of South African Political Prisoners".
- (vi) "Trades Union Congress".

- (vii) "National Executive Committee of the Labour Party".
- (viii) "Christian Action", (waarvan "Defence and Aid" 'n integrale deel uitgemaak het).
- (ix) "International Confederation of Free Trade Unions (I.C.F.T.U.)".

In Suid-Afrika was die volgende organisasies:

- (i) "Human Rights Welfare Committee".
- (ii) Suid-Afrikaanse Instituut vir Rasseverhoudings.
- (iii) Nasionale Unie van Suid-Afrikaanse Studente.
- (iv) "90 Day Protest Committee".
- (v) "Community of the Resurrection" - Alice, Kaap.
- (vi) "The Pretoria Action Council for Human Rights".
- (vii) "National Committee for Liberation".
- (viii) "Detainees Relief Fund".
- (ix) "African Relief Fund".
- (x) "Dependant's Conference", Kaapstad.
- (xi) Die Liberale Party.
- (xii) "State of Emergency Relief Fund".
- (xiii) "Religious Society of Friends (Quakers)".
- (xiv) "Treason Trial Defence Fund".
- (xv) "South African Congress of Trade Unions".
- (xvi) "Congress of Democrats".
- (xvii) "The Christian Council of South Africa".
- (xviii) "South West African National Union".
- (xix) "Christian Council for Social Action".
- (xx) "Black Sash".
- (xxi) Die Kommunistiese Party van Suid-Afrika en die Suid-Afrikaanse Kommunistiese Party.

Die fondse wat van die verskeie instansies van die buiteland hier ontvang was, het heen en weer tussen die organisasies hier te lande gevloei. Buitelandse

organisasies het dikwels hul bydraes nie deur die "Fund" gekanaliseer nie maar direk aan organisasies in Suid-Afrika gestuur, wat op hulle beurt weer met die "Fund" geskakel het.

Bogenoemde feite het die opsporing van bestaande balanse op 18 Maart 1966 (die datum van onwettigverklaring) onmoontlik gemaak. Kyk bylaag "A" wat 'n kort uiteensetting gee van die skakeling wat daar was.

(b) Sekere bepalings in die Konstitusie van die "Fund" het soos volg gelui:

"Objects:

(i) To uphold, defend and protect by all lawful means Human Rights, and Civil Liberties especially the right to hold and express opinions.

(ii) To grant relief and assistance to compensate men and women and their dependants who suffer as a result of the loss of any of the said rights and liberties whether by process of law or otherwise.

(iii) To collect money to pay for the rendering of legal advice and assistance to persons in need thereof ...

Accounts:

Proper accounts shall be kept in respect of the finances of the Fund and shall be properly audited.

Trustees:

The Fund shall have not less than three and not more than seven Trustees whose function shall be to ensure that the funds are used and applied in accordance with the objects of the Fund."

Die bepalings van die konstitusie is nie by die aangaan van uitgawes nagekom nie. Daar is nie die

minste aanduiding dat die Trustees beheer oor die besteding van fondse uitgeoefen het nie. (Kyk bylaag "B").

(c) Dit was oor en oor beklemtoon dat die fondse van die "Fund" uitsluitlik gebruik was "to pay for the legal representatives of people facing political charges and where possible to aid families who are left destitute". Dat die fondse egter nie so gebruik en aangewend was nie blyk uit bylaag "C".

(d) Die bronne van fondsverkryging was oor die hele wêreld versprei. Alhoewel "Christian Action" die grootste bron was, was aansienlike bedrae ook van instansies in Amerika, Europa, Australië en Nieu-Seeland verkry.

In Suid-Afrika was bydraes minimaal in vergelyking met oorsese bydraes. Hier te lande was dit gepoog om fondse deur middel van etes, danse en musiekaande in te samel. Gereelde skenkers was daar nie in Suid-Afrika nie.

Domheer Collins wat aan die spits gestaan het van invorderings vir "Christian Action" het gereelde bedel-advertensies laat plaas in die Britse en buitelandse koerante waarin hy gebruik gemaak het van "human interest stories". Hierdie "human interest stories" wat die "Fund" in Suid-Afrika aan hom moes verskaf, was dan verwerk om op die publiek se gevoelens te speel en sodoende fondse te bekom. (Kyk bylaag "D").

Dikwels is bydraes vir die "Fund" ook van privaat persone uit die buiteland ontvang. Deurdad bydraes uit soveel verskillende lande en van verskillende instansies ontvang was en nie in een gekonsolideerde fonds gestort was nie, kon die ontvangste vir die "Fund" nie tot by moontlike bestaande bates nagespoor word nie.

(e) Die grondwet van die Suid-Afrikaanse "Fund" het deurgaans die indruk probeer skep dat dit 'n onafhanklike organisasie is. Uit die stukke vervat in Bylaag "F" is dit egter duidelik dat dit 'n tak van "Defence and Aid" van "Christian Action" in Engeland was. Nie alleen was die geld vanaf Londen gereeld "earmarked" nie, maar die "Fund" moes beramings maandeliks aan Londen voorlê waarin die sake uiteengesit is en waarvoor toekennings dan deur Londen gemaak is. "Christian Action" het dan ook soms spesifieke gelde vir sekere sake voorgeskryf.

(f) Boekhouding:

Een van die bepalings van die konstitusie het, soos reeds aangedui, gelees:

"Proper accounts shall be kept in respect of the finances of the "Fund" and shall be properly audited".

Die stelsel van boekhouding deur die "Fund" gebruik, was een van ontvangstes en uitgawes.

Die inskrywings in die boeke van die takke was, soos blyk uit die boeke waarop beslag gelê was nie bygehou nie. Ouditring is, soos blyk uit bylaag "E(i)", nie gereeld uitgevoer nie.

Nie een van die takke, insluitende die Johannesburg-tak, het 'n deurlopende rekening van ontvangstes en uitbetalings gehou nie. Daa was deurgaans gebruik gemaak van die balanse soos deur die onderskeie banke verstrek. Uit die boekhouding van die onderskeie takke kon di op geen stadium bepaal word wat die totale ontvangstes en uitbetaling was nie.

Die bank moes aandui of die rekening 'n krediet- of debietbalans gehad het.

Die totale ontvangstes en uitbetalings van die "Fund" in Suid-Afrika kon nie bepaal word nie. 'n Ander groot leemte in die administrasie van die fondse is die feit dat aan niemand eintlik verantwoording moes gedoen word nie. Niemand kon ook korrekte syfers verstrek ten opsigte van ontvangstes en uitbetalings vir enige tak nie as gevolg van gebrekkige en nalatige boekhouding. Selfs domheer Collins



kon nie syfers van totale ontvangstes en uitgawes verstrek nie.  
(Kyk bylaag "E(ii)").

"Christian Action", wat honderde duisend rand na Suid-Afrika versend het, het nooit vir gedetailleerde state van hoe fondse bestee is gevra nie. Niemand was aan enige persoon n verduideliking ver-skuldig nie.

In baie gevalle was fondse van "Christian Action" nie by die "Fund" gestort nie, maar direk aan prokureurs vir spesifieke sake betaal. Hierdie gelde was gelaat by die prokureurs en of daar op 18 Maart 1966 nog batige saldo's was, kon nie vasgestel word nie. (Kyk bylaag "E(iii)").

Dieselfde geld ook vir voorskotte aan prokureurs gemaak voor 18 Maart 1966. Dit was nie moontlik om vas te stel of die fondse opgebruik was al dan nie.

Vir die jaar eindigende 30 Junie 1965 was die "Fund" se inkomste R68,321.00, waarvan R32,000 van "Defence and Aid" in Londen gekom het en R4,621.00 plaaslik ingesamel was. Die balans het van ander instan-sies vanaf die buiteland gekom.

Die kleinkasboek van die Kaapse-tak was net tot 11 November 1965 opgeskryf sonder dat Novembermaand behoorlik afgesluit was. Daar was daarna ongetwyfeld nog uitbetalings maar geen inskrywings was gedoen nie. Die Johannesburg-tak se kasboek is opgeskryf vir n gedeelte van Oktober 1965 en alhoewel baie uitbetalings daarna gedoen is, is dit nie aangeteken nie. (Kyk bylaag "E(iv)"). Vanaf Julie 1965 is geen maand se inskrywings behoorlik afgereken nie.

Daar was deur die "Fund" ook nie afsonderlike rekeninge gehou va prokureurs aan wie voorskotte gemaak was nie. As n prokureur sy be-raamde koste aan die "Fund" voorgelê het, was die bedrag ten dele of ten volle betaal, mits die fondse in die bank beskikbaar was.

Op 28 Desember 1965 is n tjek vir R3500 vanaf die Kaapstad-tak van die "Fund" aan Ruth Hayman (n Johannesburgse prokureur wat later kragtens die Wet op die Onderdrukking

van Kommunisme, 1950, ingeperk is), gestuur. Sy het die tjek endosseer en op haar trustrekening op 21 Januarie 1966, inbetaal. Hierdie transaksie word nie in die Johannesburgse boeke van die "Fund" getoon nie. Meer as 'n maand na 18 Maart 1966 het Ruth Hayman die beredderaar telefonies meegedeel dat sy 'n halfgebruikte tjekboek van die "Fund" in een van haar kantoorlaaie gevind het. Sy was meegedeel om dit onmiddellik aan te stuur. Die tjeknommers van die boek het geloop van 247001 tot 247200. Tjekvorms Nrs. 247001 tot en met 247076 was reeds uitgeskeur en vermoedelik gebruik. Tjekvorm Nr. 247077 was volledig geteken deur Ruth Hayman en Hannah Jaff (wat tekenmagte gehad het) sonder dat 'n bedrag geld ingevul was. Tjekvorms Nrs. 247078 tot en met 247080 was reeds onderteken deur H. Jaff maar geen bedrag geld was ingevul nie. Vir betalings uit hierdie tjekboek aan die firma Hayman and Aronsohn kyk bylaag "E(iv)".

Op 20 September 1965 is die notule van die "Management Committee" van Johannesburg onderteken deur Ruth Hayman en een van die besluite lees soos volg:  
"S. Neame Case. It was decided that the balance held by Hayman and Aronsohn for this account should be retained against costs of appeal". Geen bedrag word aangegee deur òf Ruth Hayman òf die "Fund" nie. Die saak het die "Fund" uiteindelik R5,500 gekos.

Aan die firma Crafford, Du Toit en Vennote, gektrooieerde Rekenmeesters van Pretoria was dit opgedra om uit die beskikbare boeke en dokumente 'n verslag voor te lê ten opsigte van die boekhouding van die "Fund". 'n Afskrif van die verslag verskyn in bylaag "E".

3. Die vasstelling van die organisasie se verpligtinge het nie groot probleme opgelewer nie aangesien die onus op die krediteure was om eise in te dien en te staaf.

4. Die finale balansstaat het soos volg daar uitgesien:

Invorderings:

7.4.66	Durban-tak van die Fund	4.08
7.4.66	Standard Bank, Kaapstad	996.51
7.4.66	Veiligheidstak, Suid-Afrikaanse Polisie, Kaapstad	4.94
13.4.66	E.P. Bougenootskap, Port Elizabeth	74.88
18.4.66	Veiligheidstak, Suid-Afrikaanse Polisie, Port Elizabeth	106.40
21.4.66	Allan Solomon, Arderne & Flynn, Port Elizabeth	48.76
21.4.66	Allan Solomon, Arderne & Flynn, Port Elizabeth	436.11
4.5.66	Barclays Bank, Pretoria	6928.13
23.5.66	Reitz, Jacobson & Effune, Johannesburg	1474.55
25.5.66	Hayman & Aronsohn, Johannesburg	2780.14
9.6.66	Borgkwitansie Nr. 107467	20.00
14.7.66	Standard Bank, Kaapstad	19.77
22.8.66	Miller Weedon Travel	86.20
22.8.66	Borgkwitansie	250.00
22.8.66	Telefoon Terugbetaling R. Hodgson	11.43
29.9.66	Posseëls verkoop	40
29.9.66	Posseëls verkoop	2.06
24.10.66	Borgkwitansie E. Loza	100.00
14.11.66	Staatsprokureur, Kaapstad	769.62
26.4.67	Geregsbode, Johannesburg	40.00

/9...

28.4.67	Geregsbode, Kaapstad	97.65
8.5.67	Geregsbode, Port Elizabeth	34.25
8.5.67	Posseëls verkoop	1.05
1.6.67	Kerbel & Borman, Port Elizabeth	289.04
24.8.67	Arderne & Flynn, Port Elizabeth	100.00

---

14,675.97

---

Uitbetalings.

Christine Gibbs - Salaris Maart 1966	60.00
Napiers - Port Elizabeth - Skryfbehoeftes	1.65
Telefoon Rekening, Kaapstad	.75
Royal Dairy, Kaapstad	1.56
S. Urdang - Salaris Maart 1966	115.00
Vervoer - Geregsbode, Kaapstad	13.00
Sonnenburg, Hoffman & Galombik - huur	17.97
Abe Swersky - Kaapstad - Prokureursfooie	1500.00
Frank, Bernadt & Joffe, Kaapstad - Prokureursfooie	221.30
Segal & Seymore, Pretoria - Prokureursfooie	237.26
Solomon, Arderne & Flynn, Port Elizabeth, Prokureursfooie	800.33
Kerbel & Borman, Port Elizabeth, Prokureursfooie	1465.71
H.L. Schachat, Kaapstad, Prokureursfooie	518.25
M.S. Frank & Frank, Kaapstad, Prokureurs- fooie	618.34
Findlay & Tait, Kaapstad, Prokureursfooie	280.19
Hayman & Aronsohn, Johannesburg, Prokureurs- fooie	4043.27
Lubbe Recordings, Pretoria	125.80

/10...

Crafford, du Toit & Vennote,  
Pretoria - Fooie

300.00

---

10,320.38

Oorbetaal aan Vereniging van  
Wetsgenootskappe

4,355.59

---

R14,675.97

---

*D. P. Wilcocks*

BEREDDERAAR : DEFENCE AND AID FUND.

22. 1. 68 D. P. WILCOCKS

---

ORGANISASIES.

HUMAN RIGHTS WELFARE COMMITTEE.

Die volgende bedrae is deur die "Fund" aan bogenoemde geskenk:

R600 op 10 Februarie 1961.

R100 op 2 April 1962.

R200 per maand vir 3 maande (besluit deur"

Uitvoerende Komitee op 21 Januarie 1963).

R200 op 25 Januarie 1963 deur domheer Collins

direk oorbetaal aan organisasie.

SUID-AFRIKAANSE INSTITUUT VIR RASSEVERHOUDINGS.

Teen die end van 1964 het die "Fund" besluit om geen welsynswerk meer te verrig nie en bogenoemde organisasie het al die welsynswerk oorgeneem in Kaapstad.

Op 10 Desember 1962 skryf die Instituut aan die "Fund" te Kaapstad onder andere:

"I should like to appeal for assistance to help pay the costs of presenting evidence and watching the interests of Africans before the judicial Commission of Enquiry into the causes of the Paarl Riot on 22nd November, 1962. It is extremely important that the underlying cause of unrest be brought to light and for this purpose it is necessary that legal representation should be available particularly as the Police and the Paarl Municipality are being legally represented."

Die "Fund" het 'n bedrag van R800 bygedra. Op 18 Desember 1964 stuur die Instituut 'n bedrag van R1383 aan

/.....2.

die "Fund" te Johannesburg en R2500 aan die "Fund" te Port Elizabeth.

The "American Committee on Africa" het ~~1000~~ R1000 aan die "Fund" toegesê wat eindelik by die Instituut inbetaal is vir "Prison Education Fund".

Uit die notules van 'n spesiale vergadering van die Durban tak van die "Fund" blyk die volgende:

"Money had come from canon Collins and Trade Unions; there was now about R5000-00 in hand and Race Relations had been given R2500-00 for defence which it was hoped they would hand over."

Op 11 Augustus 1965 het die "Fund" weer 'n bedrag van R154-00 aan die Instituut oorbetaal.

NASIONALE UNIE VAN SUID-AFRIKAANSE STUDENTE.

Op 11 November 1964 skryf die prokureursfirma "Hayman and Aronsohr" aan die "Fund" te Johannesburg:

"We beg to advise you that several weeks ago we were instructed by N.U.S.A.S. to act on behalf of these persons (Choabe, Gawe and Saule) who were until recently 90 days detainees in East London. On the 26th October, 1964 these persons were charged under the Suppression of Communism Act ..... We understand from N.U.S.A.S. that they are in a position to provide certain of the funds for defence of these persons but obviously they will not be able to cover all the fees involved..... There are four other students who are being detained in East London. Their names are H. Kani, E. Dhlala, Paul Modiba and Stanley Mabizela..... We wish to

/.....3.

make formal application for the assistance of Defence and Aid for these persons on the basis that N.U.S.A.S. will be able to provide portion of the fees."

Die Universiteit van die Witwatersrand het op 'n stadium R200 betaal ten opsigte van borg vir ene John Mokene 'n politieke oortreder wat later die land uitgevlug het en die borggeld is verbeur.

90 DAY PROTEST COMMITTEE (KAAPSTAD).

Onder Voorsitterskap van J. Hamilton Russel het die organisasie funksioneer tydens die geldigheid van die 90 dae klousule. Na die herroeping van genoemde klousule is 'n bedrag van R1534.50 aan die "Fund" oorbetal.

NATIONAL COMMITTEE FOR LIBERATION FOR SABOTAGE FOR POLITICAL PURPOSES.

Rubin was die toonaangewende persoon in die organisasie, maar het die land in 1963 uitgevlug. Die "Fund" het Sedrich Isaacs, Achmed Cassem en James March verdedig wat Matroosfontein Poskantoor en die sub-stasie op de Waal rylaan saboteer het. Hulle was lede van die organisasie.

DETAINEES RELIEF FUND (DURBAN).

Voordat die "Defence and Aid Fund" behoorlik in Durban gefunksioneer het was dié organisasie aldaar in werking. Met die "Fund" se inwerkingtreding het hierdie organisasie verdwyn en was R634.42 aan die "Fund" oorbetal

/.....4.



DEPENDANTS CONFERENCE (KAAPSTAD).

Hierdie organisasie tesame met ander organisasies het die welsynswerk in Kaapstad en omstreke oorgeneem toe die "Fund" na 1963 met welsynswerk opgehou het.

Die organisasie bestaan vandag nog en gedurende die jare 1964 en 1965 was 'n bedrag van R20,000 vanaf die "Defence and Aid International" ontvang.

DIE LIBERALE PARTY.

Verskeie prominente lede van die party het op die uitvoerende komitees van die "Fund" gedien. Onder andere was daar Peter Hjul ('n ingeperkte kragtens die Wet op die Onderdrukking van Kommunisme, 1950), David Craighead ('n ingeperkte kragtens die Wet op die Onderdrukking van Kommunisme, 1950), Alan Paton, John Laredo, Ruth Hayman en Alex Hepple.

Beide David Craighead en Ruth Hayman was ondertekenaars vir die "Multi Racial Conference of South Africa" en by die geleentheid was 'n tjek aan die Liberale Party aangebied wat deur beide Craighead en Hayman onderteken was. Die bedrag van die tjek is onbekend.

STATE OF EMERGENCY RELIEF FUND.

Hierdie organisasie was tydens die noodtoestand van 1960 in die lewe geroep. Met die totstandkoming van die "Fund" het al die bates van die "Relief Fund" oorgegaan op die "Fund". Die bestuurskomitee van die "Relief Fund" het net so aangebly vir die Komitee van die "Fund". Aan die end van 1960 was 'n bedrag van R300,000 deur die "Relief Fund" spandeer en was nog R60,000 benodig om uitstaande ondernemings te finaliseer.

Gedurende 1960 is 'n bedrag van R2800 aan die "Relief Fund" deur die "Fund" betaal.

RELIGIOUS SOCIETY OF FRIENDS (QUAKERS).

Gedurende 1963 het die organisasie geld ingesamel en aan die "Fund" oorbetaal vir die verdediging van John Hlekani (n ingeperkte kragtens die Wet op die Onderdrukking van Kommunisme, 1950). Die bedrag oorbetaal is nie bekend nie. Op 9 September 1963 skryf dr. Ellen Hellman van die Johannesburgse tak van die "Fund" aan die Durbanse tak onder andere:-

"We give them (i.e. The Quakers) certain grants of money. We have as you likewise have, to be careful not to overstep our function which is to give compensation to people who are in difficulties by reason of the curtailment of the civil rights. Otherwise there is always the possibility of coming within the confines of the Welfare Organisation Act."

TREASON TRIAL DEFENCE FUND (T.T.D.F.).

Die fonds wat in 1956 in die lewe geroep is, het in 1960/63 oorgegaan op die "Fund".

R500 wat geleen was by die "Fund" was terugbetaal.

Op 10 Julie 1963 word die Standard Bank, Port Elizabeth as volg opdrag gegee:

"... will you please instruct the Standard Bank of South Africa to transfer the balance standing to the credit of the Treason Trial Defence Fund, to our account (i.e. the "Fund")."

Op 22 Januarie 1964 word ontvangs deur die "Fund" erken van n bedrag van R602. Die balans wat verskuldig bly is R392.21.

/.....6.

SOUTH AFRICAN CONGRESS OF TRADE UNIONS (S.A.C.T.U.).

Op 16 November 1961 het die "Fund" R100 aan die organisasie geskenk.

CONGRESS OF DEMOCRATS (C.O.D.).

Helen Joseph ('n ingeperkte kragtens die Wet op die Onderdrukking van Kommunisme, 1950), 'n stigterslid van die "Congress of Democrats", was baie bedrywig in die organisasie. Die "Fund" het haar in die "huisarres-saak" verdedig nadat verskeie advokaatsopinies bekom was.

THE CHRISTIAN COUNCIL OF SOUTH AFRICA.

Op 15 Desember 1961 word 'n bedrag van R1581.05 deur die organisasie aan die "Fund" oorbetaal ...

Uit korrespondensie blyk dat die volgende bedrae deur die organisasie by verskillende geleenthede aan die "Fund" betaal is:

R3000,00 aan Port Elizabeth.

R1000.00 aan Durban.

R1000.00 aan Kaapstad.

R200.00 aan Oos-Londen.

Op 26 Mei 1964 is 'n bedrag van 1000 dollars deur die organisasie aan die "Fund" betaal. Hierdie bedrag was ontvang van die "World Council of Churches".

SOUTH-WEST AFRICA NATIONAL UNION (S.W.A.N.U.).

Gedurende September 1962 het die organisasie die "Fund" genader vir finansiële hulp en steun vir sake teen politieke oortreders in Suidwes-Afrika. Behalwe die R330.00 wat die "Fund" op dr. Abrahams spandeer het, was dit nie aktief in Suidwes-Afrika nie.

/.....7.

BLACK SASH.

Gedurende September 1965 was 'n bedrag van R200 aan die organisasie betaal. Dit was deel van 'n bedrag betaal deur die "Fund" aan "South African Institute of Race Relations" vir die "Paarl Riot Commission".

DIE KOMMUNISTIESE PARTY VAN SUID-AFRIKA, DIE SUID-AFRIKAANSE KOMMUNISTIESE PARTY.

Die Britse "Defence and Aid Fund" van "Christian Action" maak deel uit van 'n netwerk organisasies in Brittanje wat bekend is vanweë hulle aanvalle op Suid-Afrika. Die "Fund" in Suid-Afrika was deur die Kommuniste ondersteun en het sy fondse beskikbaar gestel aan die "African National Congress" en die "Kommunistiese Party". Die nou verband tussen die Kommunistiese Party in Suid-Afrika en die "Fund" blyk uit die beëdigde verklaring van 'n Bantoelid van die Suid-Afrikaanse Kommunistiese Party:

"The 'Defence and Aid Fund' which was at this junction (sic) already in existence, was extensively used for the purposes of the South African Communist Party. In turn cash advances towards the fund were made by the South African Communist Party. Who the persons were that served on this Fund's Committee I do not know, except that Rica Hodgson who was in fact a member of the Communist Party was also serving on this Fund's Committee."

Die volgende persone wat as kommuniste gelys is, het as ampsdraers van die "Defence and Aid Fund" opgetree:

- |                     |                    |
|---------------------|--------------------|
| (1) Ruth Slovo      | (5) Bob Hepple     |
| (2) Rica Hodgson    | (6) A.L. Sachs     |
| (3) Violet Weinberg | (7) Abram Fischer. |
| (4) Solly Sachs     |                    |

BUITELANDSE ORGANISASIES.

AMERICAN COMMITTEE ON AFRICA.

Teen die end van 1965 stuur die organisasie  $\text{R}5500$  aan die "Fund" met 'n versoek dat 'n verduideliking verstrekkend moet word waarvoor die fondse aangewend sou word.

Die antwoord gedateer 17 Januarie 1966 lui soos volg "One of the 24 accused is from Port Elizabeth who have been awaiting trial since June, 1965. They are mostly young boys, who as far as we know had no particular part in any political movement. They probably belonged to the A.N.C. as did any African with any initiative and remained members after it was banned in 1961 .....

WORLD COUNCIL OF CHURCHES.

Hierdie organisasie het sy bydraes grotendeels gestort in die kas van die "Christian Council of South Africa", maar het tog opdrag gegee dat sekere bedrae vir verdediging van politieke oortreders aangewend moet word. Die volgende bedrae is met tussenposes deur die "Fund" van die organisasie ontvang:

Kaapstad	$\text{R}8000.$
	$\text{R}4993.75.$
	$\text{R}2500.$
Port Elizabeth	$\text{R}1790.67.$
	$\text{R}5000.$
	$\text{R}5000.$

TRADES UNION CONGRESS (LONDON).

'n Bedrag van  $\text{R}13515$  is direk aan die "Fund" in Suid-Afrika betaal sonder bemiddeling van Christian Action, Londen.

/.....9.

CHRISTIAN ACTION (LONDON).

Dit is nie moontlik om die totale bedrag te bepaal wat die organisasie aan die "Fund" oorbetaal het nie. Volgens 'n publikasie wat deur die "forum World Features" op 26 Februarie 1966 uitgegee is, het "Christian Action" toe alreeds 'n bedrag van R1,000,000 in die Republiek van Suid-Afrika laat spandeer op politieke oortreders en hul gesinne.

INTERNATIONAL CONFEDERATION OF FREE TRADE UNIONS (I.C.F.T.U.).

Op 10 Februarie 1961 word 'n bedrag van R600.00 wat deur die "Fund" aan "Human Rights Welfare Committee" geskenk was deur die I.C.F.T.U. aan die "Fund" vergoed.

Op 10 Junie 1963 skryf dié organisasie aan die "Fund":

"We feel that in view of the increasing critical situation in South Africa, the time has come for the I.C.F.T.U. to show again in a tangible way its sympathy with the victims of the South African regime. It therefore gives me pleasure to announce that we have transferred .....a further sum of £750 with the request that as much as possible the claims of trade Unionists should be taken into consideration ....."

Op 16 Desember 1964 skenk die organisasie nog £1000 aan die "Fund".

BYLAAG "B".

UITOEFENING VAN BEHEER.

Geen enkele geval is teëgekome waar oorleg gepleeg is met die Trustees van die "Fund" voor uitgawes aangegaan is nie. Daar was ook nie 'n enkele vergadering van die Trustees om beleidsrigting neer te lê of die konstitusie aan korrekte vertolking te onderwerp nie.

Niemand was die verpligting opgelê om verantwoording te doen vir fondse wat spandeer word nie. Elke tak het spandeer solank fondse in die verskeie handelsbanke beskikbaar was. Daarna was fondse weer net aangevra.

In 'n memorandum deur die Johannesburg-tak versprei, moes die volgende vertolking aan die Konstitusie gegee word:-

"Defence and Aid renders neither legal assistance nor advice but merely provides funds to enable legal assistance and advice to be given by other persons. Defence and Aid is not a legal aid bureau and so does not render legal advice or assistance. It does not assist persons essentially as a matter of philanthropy but in furtherance of its main object to defend civil rights and liberties. The Fund is prepared to assist without distinction of race, colour, creed or opinion - it is concerned only with the object laid down by its constitution and civil liberties and not with the policies of any organization, body or group of persons".

Telkens is die konstitusie by takke gewysig sonder om die ander takke te verwittig. Met soveel gemak was wysigings aangebring dat die notules net die volgende bevat:- "The Constitution was read and amended in a number of places". (Notules, Kaapstad se tak gedateer 18 Augustus 1965). Daar was geen aanduiding watter artikels gewysig was of wat die wysigings behels het nie.

Gelyste kommunis E.S. Sachs wat as organisierende sekretaris van "Christian Action" in Londen opgetree het, gee die volgende vertolking aan die oogmerke van "Defence and Aid":

"The aims of our Defence and Aid Fund are to provide effective legal aid to victims of apartheid who are brought to court or deprived of their liberty by administrative action and also to help their families. Our Fund is pledged to a policy of non violence but in deciding whether we should provide defence and aid in any particular case, we are concerned with the motives and not so much with the acts or omissions; nor are we concerned with the political religious or other beliefs of the person concerned. If the motive is not selfgain, but to further the interests of African freedom, he becomes entitled to our support even if the method employed by him, or the political beliefs he holds does not meet with our approval".

Op 22 April 1963 antwoord John Blundell, Voorsitter van die Kaapse-tak vir Sachs as volg: "... by now it will be clear to you that we are only too anxious to do all we can to find defence wherever and whenever it is required, even if some of us may not be motivated by quite such an unique interpretation of our constitution as you set out in your fourth paragraph.". (Hierbo aangehaal).

Na die promulgering van Wet Nr. 76 van 1962 (wat as die Sabotasiewet bekend staan), is die bepalings van die Konstitusie nie meer as leidraad gebruik vir die aangaan van uitgawes nie. Vroeër was uitgawes aangegaan in die volgende tipe sake:

- (i) Sake waarin lede van verbode organisasies tereggestaan het.
- (ii) Verbreking van inperkingsbevele.
- (iii) Bevordering van verbode organisasies.



(iv) Fondsinsameling vir verbode organisasies.

(v) Enige sake met 'n politieke kleur waar geen geweld voorkom nie.

Dat die "Fund" vroeër nie sake van geweld verdedig het nie blyk uit die volgende briewe:

Alex Hepple, voorsitter, Johannesburg-tak aan J.D.F. Martin, "Amnesty International", Londen.

"..... For various reasons the Defence and Aid Fund decided not to handle cases involving Sabotage .....". (Brief gedateer 14 Augustus 1962).

Dr. Ellen Hellman, Johannesburg-tak aan J. Hill, ('n ingeperkte kragtens die Wet op die Onderdrukking van Kommunisme, 1950), Durban-tak:

"... What is quite clear is that we do not assist in the defence of Sabotage itself ...". (Brief gedateer 15 September 1962).

Johannesburg se Uitvoerende Komitee besluit op 14 Mei 1962, onder andere:

"In terms of our constitution we do not handle cases under the Explosives Act". Toe Suliman Vallie egter tereg staan op 'n klagte van besit van plofstowwe het die "Fund" hom laat verdedig.

Op 20.9.63 besluit Durban se Uitvoerende Komitee: "..... We were asked to base our decision whether or not to defend on the question of whether or not the infringement of a civil right was involved. .... Sabotage did not fall within this definition".

Ten opsigte van die P.A.C. verhore te Durban besluit die Uitvoerende Komitee:

"..... In accordance with a ruling from Headquarters (Johannesburg) that Defence and Aid Fund could only handle cases where there was a possibility of civil rights being infringed and that sabotage did not come within this definition we gave no financial assistance

through Defence and Aid".

Wat die voorgaande beleid betref, vra domheer Collins op 17 Oktober 1963 vir Johannesburg:

"Has your Defence and Aid Committee out there yet been able to settle the question of whether it will take on defence of those involved in Sabotage cases? ... It is therefore very important that we should know whether we can transmit money for this purpose through your committee or whether we should find some other way of helping them ...".

Die Johannesburg-tak van die "Fund" antwoord die domheer hierop soos volg:

"..... The problem of assisting in cases involving sabotage and violence has not yet been resolved. You will remember that it was decided some time ago that as a matter of principle our Fund could not undertake the defence of persons who embarked upon open acts of violence to compel political changes in this country .... However, there are numerous difficulties, technical and legal, apart from other objections ... meanwhile all are agreed that your best course in regard to the Rivonia trial would be to send funds directly to the instructing attorney, Mr. Joel Joffe, 204 Provident Assurance House, Commissioner Street, Johannesburg. I should also tell you that other mass trials of members of the banned A.N.C. and other Congress groups are pending in East London (106 accused), Port Elizabeth (35 accused) and Durban (19 accused).... It is possible that you will be asked to give direct assistance in those cases too ....."

Selfs plaaslike donateurs was gekant teen verdediging van saboteurs. So skryf G.E. Bevan van Pretoria

op 27 Junie 1963 aan die "Fund" te Johannesburg:

"....I should be glad to make another contribution ... I am not prepared to help defend such as those three members of the P.A.C. who were given life sentences recently for sabotage and planning the murder of Whites, the poisoning by black servants of their employers - I have no wish to assist in the promotion of an imitation Mau-Mau in South Africa".

Sonder formele wysiginge van die Konstitusie het die plaaslike takke een na die ander fondse gebruik vir Sabotasie- en ander sake van geweld. So skryf die Johannesburg-tak op 20 Oktober 1964 aan die Kaapse-tak van die "Fund": ".... It has been decided in principle that Defence and Aid should assist financially in the defence of the 2 sabotage trials in Cape Town ...", en op 29 Oktober 1964 aan "World Council of Churches":

".... A decision has been reached by the Committee to assist financially in the defence of sabotage cases ...", en op 30 Oktober 1964 aan "Christian Action" Londen: ".... Now that sabotage trials are starting at various centres in South Africa, there has been considerable discussion about the attitude of Defence and Aid. It has been decided that those cases should not be excluded ...". Na die instemming van die "Fund" in Suid-Afrika om sabotasiesake te verdedig het domheer Collins 'n toespraak by die V.V.O. gelewer. Onder andere het hy die volgende gesê:

".... To put matters right in South-Africa requires political action on a big scale ... it seems probable that only external pressures and the threat of execution of internal revolution will bring about the desired result ... And of much importance, in my opinion,

is the fact that the contribution of Defence and Aid in this respect fosters the morale of the Internal Resistance ... it is the resistance movement in South Africa which alone can give South Africa the ability to become a non racial society .. ... By caring for their families we build their morale in gaol ... no political organization which seeks to change South Africa's racial policies can function properly in the open ... Those who wish to continue the struggle have to go underground. Nor have I touched upon the necessity to provide for the families and dependants of the underground resistance. But what man or woman can happily or easily undertake such dangerous work if he or she knows that, by doing so, the well being of the children and other dependants is at stake".

Die geld vir die Rivonia-saak was direk deur Christian Action, Londen aan die opdraggewende prokureur gestuur en het R34,000 beloop. Die Fischer saak wat deur die Fund betaal was, het R17,669 beloop.

As gevolg van die feit dat die Trustees van die "Fund" nooit geraadpleeg was nie en elke tak van die "Fund" selfstandig opgetree het, was dit onmoontlik om uit 'n enkele bron inligting te bekom.

"Christian Action" het direk aan Ruth Hayman 'n bedrag van R1,397.75 vir die Harris-saak betaal. Dit was nie moontlik om te bepaal of die bedrae van R34,000 en R1397.75 enige batige saldo gelaat het nie.

BYLAAG "C".

PONDSBESTEDING.

(i) Prokureur L. Mtshizana ('n ingeperkte kragtens die Wet op die Onderdrukking van Kommunisme, 1950), 'n lid van die Uitvoerende Komitee, Oos Londen, wat in verskeie sake opgetree het namens die "Fund" was later aangekla op verskeie klagtes van regsverdeling. Die "Fund" het R918 spandeer om die saak te verdedig. Hy is egter skuldig bevind en van die rol van prokureurs geskrap wat die "Fund" 'n verdere R300 gekos het.

(ii) Dit het geen verskil gemaak watter oortreding gepleeg was nie maar as die oortreder 'n politieke agitator was, was hy verdedig. So is daar vir politieke agitators boetes wat deur die howe opgelê is, betaal, kapitaal verskaf om besighede mee te begin, versekeringspremies betaal, sakgeld verskaf tydens aanhouding en daarna, en vervoerkoste van meubels, Bantoebelasting en begrafniskoste betaal. Hierdie bedrae word in die boekhouding as "summary advances" aangetoon en word later afgeskryf of dit word teen welsynfondse gedebiteer. Die volgende tipe sake was ook deur die "Fund" verdedig: betreding, meineed, moord, brandstigting, oortreding in gevangnisse, aanranding op bewaarders, bedrog, weier om getuienis af te lê, kwaadwillige saakbeskadiging en openbare geweld.

(iii) Die Kaapse Komitee van die "Fund" het R10 per maand bestee om vir Sobukwe op Robbeneiland van grammofoonplate, tabak, sigarette, groente en blomsaad te voorsien.

(iv) Aan Sonia Bunting (gelyste Kommunis No. 114) is met haar vertrek uit Kaapstad 'n "handwoven Moroccan bedspread" as geskenk deur die "Fund" aangebied.

(v) Op 4 Oktober 1965 skryf Dennis Scarr, voorsitter van Port Elizabeth-tak, aan Alan Paton:

"As you know I am endeavouring to start a library of court records to assist Counsel ... I believe you have some money available ... could you let me have R500 for this?".

Op 14 Oktober 1965 antwoord Paton:

"... Enclosed you will find a cheque for R500. Will you please write to me acknowledging the gift and ask for your thanks to be conveyed to the Presbyterian Church in America for their help. Please indicate briefly what the money is being used for but I think we should give some more human and immediate reason than the need for court records".

Op 27 Oktober 1965 antwoord Scarr:

"... Thank you very much for the cheque. Please convey the very sincere thanks of Defence and Aid Fund, Port Elizabeth to the Presbyterian Church in America. We intend to use these funds solely for furthering the welfare of awaiting trial prisoners, many of whom as you know are held for many months before appearing in Court". Van die biblioteek is niks gevind nie - ook nie wat van die R500 geword het nie.

(vi) Lookswart Solwandhla Ngudle was 'n 90-dae aangehoudene en tydens aanhouding het hy selfmoord gepleeg deur homself in sy sel op te hang. Met die geregtelike nadoodse ondersoek was regsverteenwoordigers vir die familie verskaf deur die "Fund". 'n Bedrag van R3,004 was hieraan bestee.

BYLAAG "D".

FONDSINSAMELING.

(i) In die saak van die Staat teen Vuyesile en andere was Vuyesile skuldig bevind aan moord en ter dood veroordeel. In 'n bedeladvertensie beweer die domheer dat Vuyesile gehang is omdat hy nie teen sy boesemvriend Wilton Mkwai wou getuig nie, maar Wilton Mkwai het toe alreeds gevlug na Basoetoland. So verwronge was die feite in "The Observer" in Londen weergegee dat hy deur Suid-Afrika Huis tereg gewys was en sy bedeladvertensie moes onttrek.

(ii) Op 24 April 1961 skryf Patrick van Rensburg van "Christian Action", Londen aan die "Fund" te Johannesburg: "...I am assuming that something is being done about Canon Collin's request for a new set of priorities and anticipating that the letter you said you are writing today (Monday) will deal with it. Can you do something further about this, incorporating the new priorities in a letter to the Editor of "The Observer". To carry on collecting we must use every trick in the book".

(iii) In Mei 1964 skryf "Bill Hoffenberg" (volgens die stukke dr. Raymond Hoffenberg wat Voorsitter van die bestuurskomitee te Kaapstad was toe die "Fund" onwettig verklaar is) uit Londen aan die Kaapse-tak van die "Fund": "... An interim report from the land of the free. Have spent many hours making myself very unpopular at the Defence and Aid Offices here.

/2....

1. Money. They sent £1000 to Johannesburg on 8th May. I told them about our misunderstanding re the £750 earmarked for the Alexander trial. They have agreed to send this amount straight to C.T. ....

Money is pouring in - largely the result of the Observer appeal. Some of this is earmarked for Rivonia, but there should be a lot due to us. Their allocations committee only meets in about 2 weeks time, but we will get a reasonable chunk. If we don't, we must make a big fuss, as I know what they've got in (spies!). Dr. Hellman must write, and John must write, stressing that we are turning down cases, while we believe that money is available in London. Stress urgent need for money now - we can't wait for committee meetings. Can't they short circuit things to make something available? Etc. Etc. .... I have used all the pressure I can. Collins is away, unfortunately, but John and Dr. Hellman must keep at them - give them details (harrowing) of cases turned down - make them up, if they don't exist. Ask Ruth Hayman to push the same line with them .... That's about all, except that we must not turn down cases, but take on all we can and throw the expense back at them. We're in quite a strong position vis-a-vis C.A. as D & A is wagging the whole concern at the moment and I think they need us quite badly."

(iv) Aan die Thubigen universiteit in Duitsland was 'n bedrag van R10,000 gekollekteer vir die verdediging van dr. Alexander wie vroeër 'n student was aan die universiteit. Die geld was in verskeie paaiemente aan die "Fund" betaal.

/3...



(v) Sowjet Rusland skenk die bedrag van R7,140.00 aan "Defence and Aid" Londen en skryf:

"... The Soviet Government has been guided by its fundamental position with regard to support for the national liberation movements of peoples struggling against colonialism and racism in all their forms and manifestations and the provision to them of moral, political and material assistance in that just struggle".

Hierdie skenking van die Sowjet Unie het veroorsaak dat twee lede van die Uitvoerende Komitee van die Kaapse-tak van die "Fund" bedank het en as volg opmerk:

Mev. Barbara Wilks:

"... I learn from the Cape Times that a sum of money has been allocated to the South African Defence and Aid Fund by Soviet Russia. If this report is true, and if the money has been, or is going to be accepted by the Fund I hereby resign, both from the Management Committee and the Defence and Aid Fund itself.

Should, of course, the report be untrue or the money refused out of hand, I shall be happy to continue serving on the committee ...".

(xxi) Die Kommunistiese Party van Suid-Afrika, die Suid-Afrikaanse Kommunistiese Party.

Alhoewel beide hierdie organisasies al geruime tyd in die ban gedoen was tog het hulle nog ondergronds opgetree en in verskeie aangeleenthede hulleself manifesteer.

Die Britse "Defence and Aid Fund" van "Christian Action" maak deel uit van 'n netwerk van ekstremistiese en ineengestremgelde organisasies in Brittanje wat berug is vanweë die vuur waarmee hulle Suid-Afrika beveg. Hierdie organisasies word ondersteun deur die Kommunistiese Party en het in sommige gevalle ampsdraers wat vooraanstaande Kommuniste is. Die "Defence and Aid Fund" in Suid-Afrika was deur die Kommuniste ondersteun en het sy fondse beskikbaar gestel aan die "African National Congress" en die Kommunistiese Party- twee ondermynende organisasies wat kragtens wet in Suid-Afrika verbode organisasies was.

Enkele van die organisasies in Brittanje wat deur die Kommunistiese Party gesteun word en bydraes maak

het aan "Defence and Aid", Londen, is die volgende:

1. "Movement for Colonial Freedom".
2. "Anti-Apartheid Movement".
3. "Africa Bureau" (Stigter Michael Scott).
4. "World Campaign for the Release of South African Political Prisoners".
5. "The African Communist". Dit is 'n nuusblad wat die steun van "World Campaign for the Release of South African Political Prisoners" geniet.

Bekende Kommuniste soos Vella Pillay, Rosalynde Ainslee, Abdul Minty, Ronald Segal, Raymond Kunene en Tony O'Dowd dien op die bestuur van die "Anti-Apartheid Movement" wat verbind is met "Christian Action" en die steun geniet van die Britse Kommunistiese Party.

Die nou verband van die Kommunistiese Party in Suid-Afrika en die "Fund" blyk uit die volgende beëdigde verklaring van Bartholomeus Moro Hlapane 'n Bantoelid van die Suid-Afrikaanse Kommunistiese Party:

"... The Defence and Aid Fund which was at this junction already in existence, was extensively used for the purposes of the South African Communist Party. In turn cash advances towards the fund were made by the South African Communist Party. Who the persons were that served on this Fund's Committee I do not know, except that Rica Hodgson who was in fact a member of the Communist Party was also serving on this Fund's Committee".

Hierdie verklaring was gemaak op 1ste Oktober 1964.

Na die gewraakte toespraak van Domheer Collins by die V.V.O. was "Defence and Aid", Londen as 'n goedgekeurde agentskap van die V.V.O. aanvaar. "Defence and Aid",

Londen kon nou geld invorder op internasionale basis en hierdie oproep het ook geld gebring van Sowjet Rusland <sup>skenke</sup> ~~in~~ die bedrag van R7140.00. ~~Soos met die skenking aan "Defence and Aid" Londen, skryf die Sowjet Regering:~~

"... The Soviet Government has been guided by its fundamental position with regard to support for the national liberation movements of peoples struggling against colonialism and racism in all their forms and manifestations and the provision to them of moral, political and material assistance in that just struggle".

Hierdie skenking van die Sowjet Unie het veroorsaak dat twee lede van die Uitvoerende Komitee van die Kaapse-tak van die "Fund" bedank het en as volg opmerk:

Mrs. Barbara Wilks:

"... I learn from the Cape Times that a sum of money has been allocated to the South African Defence and Aid Fund by Soviet Russia. If this report is true, and if the money has been, or is going to be accepted by the Fund I hereby resign, both from the Management Committee and the Defence and Aid Fund itself.

Should, of course, the report be untrue or the money refused out of hand, I shall be happy to continue serving on the committee...".

"... Collins appears in his statement to have seriously misrepresented the work of Defence and Aid in this country. Soviet money was granted to assist the Anti-colonial struggle in this country. It might not be too strong therefore to say the money has been acquired by false means for false ends".

Adv. Donald Moltenc:

"... That very appreciation on my part makes

me regret that the reported donation by the U.S.S.R. to the London "Defence and Aid International" for the South African Defence and Aid makes it impossible for me to have even such indirect connection with the administration of moneys from such a source as membership of the Cape Town Committee entials".

Ook vanuit die publieke oogpunt was ontevredenheid uitgespreek oor die skenking. R.F.C. Struben, Commander R.N. (retired) skryf soos volg aan die Kaapse tak van die "Fund":

"... I enclose a subscription to your Fund ...

If I believed that Defence and Aid is financed in any part by communists with the intention of furthering the aims of Communism, I most certainly would not support it".

Dit is opmerklik hoeveel gelyste en bekende Kommuniste gemoeid was met die administrasie van die "Fund".

Solly Sachs 'n gelyste kommunist, wat hom in Londen bevind, het opgetree as die invorderingssekretaris van "Defence and Aid" in Brittanje. In die hoedanigheid het hy Australië besoek, met nie veel sukses nie omdat hy as kommunist ook in Australië bekend was. Hy was nogtans deur Domheer Collins gestuur. Sy giftige uitlatings teen Suid-Afrika is welbekend.

Hier te lande het ons die volgende in verskillende Komitees van die "Fund" aangetref:

Mev. Ruth Slovo (gebore First) - 'n gelyste kommunist het op die Komitee van die "Fund" te Johannesburg as tesouriere gedien. Sy was arrester op 10 Augustus 1963 en moes haar pos toe ontruim.

Mev. Rica Hodgson - 'n gelyste Kommunist dien op die Komitee van die "Fund" te Kaapstad vanaf 18 September



1961.

Mev. Violet Weinberg 'n gelyste kommunist was in 1964 as sekretaris van die Fund te Johannesburg, die destydse hoofkantoor, van die "Fund" aangestel.

Uit hoofde van haar amp was sy in 'n sleutelposisie om die verspreiding van die fonsse in Suid-Afrika te beheer.

Gerhard Ernst Mittag, 'n gelyste kommunist was lank voorsitter van die Kaapse tak van die "Fund".

Albert Thomas 'n lid van die Uitvoerende Komitee van die Kaapse-tak van die "Fund" was arresteer op 12 Augustus 1965 en aangekla onder Wet Nr. 44 van 1950. (Wet op die Onderdrukking van Kommunisme).

Adrian Leftwich een van die beskuldigdes in die saak, Die Staat teen Daniels, De Klerk en andere, het Staatsgetuie geword en het erken dat hy, terwyl hy lid was van die Kaapse Komitee van die "Fund", verskeie dade van sabotasie gepleeg het. Daarna het hy opgehou om lid van die Komitee te wees.

Bob Hepple, Albert Louis Sachs en Abram Fischer is van die gelyste persone wat die "Fund" van regsadvies voorsien het. Hulle drie het gedien op die regskomitee van die "Fund".

Dit is opmerklik hoe die welsyns-afdeling van die "Fund" geleidelik afgeneem het totdat dit geheel en al gestaak was aan die begin van 1964. Met die gelyste kommuniste in die geledere van die Komitees kan ook niks anders verwag word nie. Die doel van die Kommunistiese Party is immers die omverwerping van die bestaande regering en deur welsynswerk te doen kan dit nie bereik word nie. Geweld, sabotasie en ondermynende bedrywighede moet aangeblaas word en boweal word die nodige fondse deur die "Fund" beskikbaar gestel vir die doel.

Die Kommunistiese magtigste wapen is insydeling en deur insydeling in die Komitees van die "Fund" kon die bedrywighede van Kommunisme maklik bevorder word onder die vaandels van die "Fund". Dit het dan ook inderdaad gebeur.

Na die beëindiging van Welsynswerk deur die "Fund" is al die fondse gebruik vir die politieke bedrywighede van die verbode "African National Congress, die "Pan Africanist Congress" en "Kommunistiese Party". Salarisse van amptenare van die Kommunistiese Party is ook uit hierdie fondse gedek.

In 'n beëdigde verklaring op 9 Januarie 1966 erken Fred Carneson dat hy onlangs 'n bedrag van R4,000 van Alf Arenstam gekry het vir gebruik deur die Kommunistiese Party. Hierdie geld was deur bemiddeling van Eric Flegg by die firma Frank, Bernadt & Joffe, Kaapstad in trust geplaas. Carneson meld verder:

"... All the money so withdrawn I used for purposes of the Communist Party also to pay bail money at Defence and Aid and for relieving purposes of dependants of political prisoners".

Die "Fund" het ook nie geskroom om gelyste Kommuniste vir oortredings onder Wet No. 44 van 1950 te verdedig nie. Twee uitstaande persone in hierdie verband is Fred Carneson en Bram Fischer. Die koste wat die "Fund" in die onderskeie sake verantwoordelik voor was beloop R6229.68 en R17669.00 onderskeidelik.

Op 14 Januarie 1966 is die volgende besluit genotuleer in die Kaapse-tak van die "Fund":

"... Lately we have taken on the trial of Fred Carneson who has been charged under the Suppression of

/88...

Communism Act. We have been told by his attorneys that the trial is going to be a long and costly one. Fred Carneson who is a named Communist and is a former member of the Provincial Council. He was also at one time editor of "New Age" which has since been banned ...".

Die nou verband van die "Fund" en die Kommunistiese Party in Suid-Afrika blyk uit die volgende brief van "Defence and Aid" Londen aan Dr. Hellman voorsitster van die Johannesburg-tak van die "Fund":-

"... I am writing to tell you that we have been strongly advised by Mr. Joel Joffe and also by Bram Fischer that in the present situation it would be wise to retain a lawyer to deal with all the political cases in Johannesburg. We have therefore agreed to retain Miss Ruth Hayman as the lawyer and have offered a fee of R600 (£300), per month commencing on 1st October, 1964. In the first instance for a trial period of six months ...".

Op 6 Augustus 1964 het Domheer Collins hom as volg aan Bram Fischer per brief uitgelaat:-

"... Enclosed is a copy of an account in respect of legal fees in the case of James Kantor who has appealed to Defence and Aid for a refund of this amount which he states he borrowed to pay the lawyers ... in view of the present grave situation and the many new demands which I anticipate will be made on the Fund it is important to get your opinion on this matter to know whether you think that this is our responsibility, and should be paid by us? In part? or in full? ...".

Bram Fischer die gelyste kommunis het die Fund beide in Suid-Afrika en in Brittanje van raad bedien wat sekerlik nie kommunisme sou beveg nie.

9. Buitelandse Organisasies.

In die buiteland was daar ook verskeie organisasie wat met Defence and Aid in Suid-Afrika direk geskakel het. Omdat hierdie geld direk na Suid-Afrika gestuur was, was bloot net 'n kwitansie uitgereik vir die ontvangs daarvan. Die werklike besteding was geen kontrole oor nie. Die ondergenemde organisasies het bydraes gelewer:

(i) American Committee on Africa:

Hierdie instansie het 'n bedrag van \$5500 aan Defence and Aid in Suid-Afrika gestuur met die versoek dat 'n verduideliking gegee word waarvoor die geld gebruik is. Op 17 Januarie 1966 skryf die Sekretaris van Port Elizabethse-tak van die "Fund" aan Mary Louis Hooper in die verband as volg:

"... I will try to explain what we are using the money for at the moment and will follow up some 'human interest' stories tomorrow.

... One of the 24 accused's from Port Elizabeth who have been awaiting trial since June, 1965. They are mostly young boys, who as far as we know had no particular part in any political movement. They probably belonged to the A.N.C. as did any African with any initiative and remained members after it was banned in 1961 ...".

(ii) Scottish Council for African Questions.

Alhoewel geen bewyse kon gevind word dat fondse uit hierdie bron ontvang is nie, het die organisasie te kenne gegee dat sabotasie-sake spesiale aandag moet kry en verdedig moet word.

(iii) World Council of Churches.

Hierdie organisasie het grotendeels sy bydraes

gestort deur die Christian Council of South Africa (Basil Brown) maar het tog gespesifiseer dat sekere bedrae vir verdediging aangewend moet word. Die volgende bedrae is met tussenposes deur die "Fund" in Suid-Afrika ontvang:

Kaapstad .....	£8000
.....	R4993.75
.....	£2500
Port Elizabeth .....	R1790.67
.....	£5000
.....	£5000

(iv) Amnesty International.

Hierdie organisasie wat wêreldwyd optree verkry die name van politieke gevangenes en voorsien dan fondse om die gevangenes se lot te verlig. Die fondse was dikwels deur bemiddeling van die "Fund" administreer. Die organisasie "Amnesty International" weier egter om op te tree waar gevangenes van gewelddadige optrede veroordeel is. Indien navrae by die "Fund" gedoen was deur "Amnesty International" in verband met 'n gevangene was die feit dat die gevangene van geweld gebruik gemaak het sonder meer verswyg.

(v) World Campaign for the Release of South African Political Prisoners - London.

Navrae oor die finansiële toestand van Anne Harris (vrou van Harris wie gehang was vir gooi van die bom op Johannesburgstasie) aan die "Fund" in Suid-Afrika het die volgende antwoord ontlok:

"... Anne Harris has shown fantastic courage throughout her ordeal and recently issued a statement that her political beliefs remained unchanged and she would continue to be active ...".

- (vi) Trades Union Congress (London) het R13515 direk aan die "Fund" in Suid-Afrika betaal terwyl
- (vii) National Executive Committee of the Labour Party (Engeland) 'n bedrag van R800 aan die "Fund" betaal het.
- (viii) Christian Action London. *Bylae "F"*

Met die totstandkoming van die "Fund" in Suid-Afrika het Domheer Collins, voorsitter van <sup>"Christian Action"</sup> ~~begemelde~~ ~~organi-~~ ~~sasie~~ hom as volg uitgelaat:

"... The management Committee and Trustees seem to be an admirable lot and should carry full confidence this end with the people from whom we are extracting money. It looks as though the terms of reference you have cover roughly the same as those we are working under this end so we ought to have no difficulty in passing money on to you for all the purposes for which we collect it ... the people are generally coming to regard the Defence and Aid Fund administered by Christian Action as the one National Fund for all purposes in regard to South Africa ... In the past I think there has been money sent from various people and organisations direct to South Africa in response to appeals not coming directly from the Treason Trial Committee or your new set up. I hope that this has now stopped and that in future money will be channelled through us ... Alan Paton some time ago told me that he thought it essential for the bulk of the money to be kept here in case at any point the South African Government should pass legislation by means of which they could take over any Fund held out there ... I understood from Ambrose Reeves that we had left over £6000, which we had sent out previously earmarked for the Treason

Trial defence ...".

Op 2 November 1960 skryf Alex Hepple, Voorsitter van die Johannesburg-tak van die "Fund" aan Domheer Collins:

"... On his return from London Mr. Lang delivered your verbal message in regard to the administration of the Defence and Aid Fund ... As we understand the message, certain difficulties have arisen in London and because of this you wish us to (i) radically amend our constitution and (ii) abolish our management Committee and replace it with a Board of five trustees."

"We are not clear in what respects objects should be changed ... If in addition to the present Management Committee, you know of other prominent people in South Africa who are willing to share in our work we would welcome their assistance ...".

Die aartsbiskop van Kaapstad was op 1 April 1961 genader om as President en Trustee van die "Fund" in Suid-Afrika op te tree. Hy laat hom as volg uit:

"... When we discussed the matter of Trustees this year it was agreed that reference should be made to Canon Collins to discover his wishes in the matter, in the hope that his ideas and those of Defence and Aid would coincide.

It is not quite clear whether this has been done and should like to be re-assured on this point before consenting to accept the invitation ...".

Op 10 April 1961 het die "Fund" die aartsbiskop as volg meegedeel:

"... We have had a good deal of correspondence with Canon Collins in connection with Trustees. It eventually

became clear that he had two different ideas in mind. One was the appointment of a board of Trustees to handle all Christian Action money sent to this country and virtually to act as his agents".

"... This was discussed by the management Committee and it was decided that it was not a matter for Defence and Aid, but for Christian Action alone to resolve ...

Dr. E. Helmann van die Johannesburg-tak laat haar as volg uit teenoor Kaapstad op 6 Julie 1961:-

"... By the way Collins again stressed the great need for simple, human stories. He said that you sent him once an account of a man who had been in the same job for 17 years and lost it because he came up before the Courts on some charge. And this was a money wizard, money spinner .

Die finansiële posisie van die "Fund" word as volg in 'n skrywe vanaf Johannesburg aan die Kaapse tak beskryf (19.10.61):-

"... The fact of the matter is that Defence and Aid leaned too heavily upon Christian Action with the result that when C.A. sends nothing finances become desperate. Although Canon Collins undertook to provide £6000 over 4 months (May to August) only £2000 has been forthcoming and you have had a fair share of that ...".

Die volgende is 'n aanhaling uit 'n notule van 'n vergadering gehou deur die Uitvoerende Komitee. (5.2.1962).

"... We received a letter from Christian Action which said that it was difficult to raise money if we did not provide welfare grants ...".

As voorsitter van Christian Action het Domheer



op 8 June 1963

Collins hom soos volg uitgelaat teenoor die "Fund".

(8.5.63):

"... Realising how desperate and enormous the needs for defence and Aid in South Africa are, we have been planning a number of campaigns on a national and international scale devoting special attention to the trade union in Britain (including national and branches), the U.S.A., Canada, Australia, New Zealand and possibly other countries .. ~~recently had a chat with Harold Wilson, and he readily agreed to sign an appeal to British, U.S.A., and Commonwealth trade unions to donate generously to our Defence and Aid Fund~~ ... there is of course not the slightest objection to the Defence and Aid Fund in South Africa receiving moneys direct and not through us ... my only concern is that you should get the maximum possible and I believe that this can best be achieved if the Trade Union movement this end is complimentary to our general which is now both national and international. It also seems to me that it is better for money to be held in London and sent to you as and when you request it than to give you the problem of holding large balances which at any time the Government might decide to confiscate. I was wondering therefore whether your committee would consider writing to the General Council of the T.U.C. pointing out the benefits which would result for the folks in South Africa if all moneys went through our Defence and Aid Fund here in London ...".

Die vrees om die Domheer se wense nie na te kom nie spreek uit 'n brief van die Kaapse tak aan Johannesburg.

(7.8.63).

"... At our Management Committee Meeting on the 6th instant it was suggested that an appeal be made in

/95..

America for funds. ~~It was pointed out that Christian Action might be upset by such fund raising ...~~".

Op 18 Junie 1964 skryf die Kaapse-tak aan Johannesburg-tak van die "Fund":

"... I received a letter from Mrs. Nuell, Secretary of Christian Action. She tells me that London has forwarded a further amount to you of which £750 is earmarked for the Alexander appeal ... I must explain that we are more or less acting as a conduit pipe between C.A. and the Friends of the accused as we did not make any appeals to C.A. for this case. The £750 was promised as a result of a private appeal, made to C.A."

Domheer Collins het hom op 12 November 1964 as volg teen Leo Marquard van Kaapstad uitgelaat:

"... As you may be aware, the Defence and Aid Fund (International) has recently been approved as an agency of the United Nations ..."

"Three agencies have been chosen namely the Defence and Aid (International), Amnesty International and the Joint Committee for the High Commission Territories. We feel we are best suited to administer such moneys ... We work through the South African Defence and Aid Committees and we have already collected and distributed an amount of £300,000 ..."

Op 16 Augustus 1965 deel Johannesburg die Kaapse-tak as volg mee:

"... London has informed us that they will be sending money at intervals and that R4,000 will be sent at a time. This has been coming through at more or less fortnightly intervals, and one can only presume that they have reason for this ..."

Mary-Louise Hooper van die "American Committee on Africa" het haar as volg uitgelaat teenoor die "Fund"

Port Elizabeth:

"... You will soon, if you have not perhaps already, receive the sum of 1000 dollars from the International Defence and Aid, London, which was earmarked by us for your office, for relief of the families ... Our office is now affiliated with the International Defence and Aid so we will send money through them, from time to time ...".

Volgens 'n publikasie wat deur die "forum World Features" uitgegee is op 26 Februarie 1966 het ~~C.A.~~ <sup>Christian Action</sup> alreeds 'n bedrag van R1,000,000 in die Republiek van Suid-Afrika laat spandeer op politieke gevangenes en hulle gesinne.

In die uitgawe van die publikasie "Christian Action" wat in die somer van 1964 verskyn het, lewer Aartsbiskop Joost de Blank 'n oorsig van die bedrywighede van "Defence and Aid" in Suid-Afrika en merk onder andere op:

~~"... Dit is onmoontlik om te hoër lof toe te swaar aan die Plaaslike Komitee in Suid Afrika in South Africa"~~

Op 'n Uitvoerende Komitee Vergadering gehou te Kaapstad op 11 Augustus 1965 word die volgende besluit geneem:

"... It was resolved that the Secretary should write to Johannesburg asking them to ask London to send sufficient money at one time to cover our immediate commitments".

In die notule<sup>e</sup> van 'n Uitvoerende Komitee vergadering te Kaapstad op 30 September 1964 is besluit om Londen as volg in te lig:

"... (a) that when making statements appealing for money and also when allocating money direct from England for defence costs in specific cases in South Africa, the name Defence and Aid should not be used.

*It would be impossible to pay too high a tribute to the local Committee* | Hcal  
*swaar aan die Plaaslike Komitee in Suid Afrika* | Eng.  
*in South Africa"* | aar



(b) that as far as possible the local committees of Defence and Aid be entrusted with the allocation of money for cases in South Africa".

Die grondwet van die Suid-Afrikaanse "Fund" het deurgaans probeer die indruk skep dat dit 'n onafhanklike organisasie is. Uit briewewisseling soos hierbo aangehaal is dit egter baie duidelik dat dit niks anders was as 'n tak van die "Defence and Aid Fund" van "Christian Action" nie. Nie alleen was die geld vanaf Londen gereeld "earmarked" nie, maar die "Fund" moes beramings maandeliks aan Londen voorlê waarin die sake uiteengesit is en waarvoor toekennings dan deur Londen gemaak is. "Christian Action" het dan ook nie geskroom om spesifieke fooie vir sekere sake voor te skryf nie.

(ix) International Confederation of Free Trade Unions.  
(I.C.F.T.U.).

Hierdie organisasie van vakbonde met sy hoofkwartiere in Brittanje het 'n internasionale ledetal wat hulle beywer vir die bevordering van die vakbondwese. Dit het 'n geweldige aanhang veral in Brittanje waar sosialisme sterk ondersteuning geniet. Om hierdie rede het I.C.F.T.U. ook belang gestel in die vakbondwese in Suid-Afrika en deur bemiddelling van die "Fund" geldelike bydraes gelewer. Die bedrag van R600 wat deur die "Fund" op 10 Februarie 1961 aan "Human Rights Welfare Committee" geskenk was is deur I.C.F.T.U. aan die "Fund" vergoed. (Sien Human Rights Welfare Committee).

In 'n skrywe van die I.C.F.T.U. laat die Algemene Sekretaris hom as volg uit teenoor die "Fund" op 10 Junie 1963:-

"... it was in October last year that we made

/98...

our last contribution to the South African Defence and Aid Fund. We feel that in view of the increasingly critical situation in South Africa, the time has come for the I.C.F.T.U. to show again in a tangible way its sympathy with the victims of the South African regime. It therefore gives me pleasure to announce that we have transferred ... a further sum of £750, with the request that as much as possible the claims of trade unionist's should be taken into consideration ...".

Op 16 Desember 1964 skenk I.C.F.T.U. 'n verdere bedrag van £1000 aan Johannesburg vir die "Fund".

As gevolg van die vrygewigheid van I.C.F.T.U. het die "Fund" op 30 September 1965 die organisasie in kennis gestel dat hulle R15000 benodig om hulle verpligtinge na te kom.

/99...

10. Borgstellings.

'n Lastige probleem waarmee die "Fund" dikwels te kampe gehad het was borgstellings. Aanvanklik het die verskeie takke elk so 'n borgstellingfonds gestig deur lenings van privaat persone renteloos te bekom. Dit het egter gou geblyk dat beskuldigdes misbruik maak van die voorreg om nie aangehou te word nie deur die land uit te vlug en die "Fund" moes dan instaan vir die terugbetalings aan die leners. Hierna het die "Fund" self die voorskotte gedoen.

Die toenemende ontvlugting uit die land deur geborgdes het die "Fund" genoop om alle borgstellings in te trek nadat R1150 op die manier verbeur was. Dit was reeds in 1961.

Selfs Domheer Collins was ook gekant teen 'n borgfonds en laat hom soos volg uit:

"... one or two people to jump their bail and there will be a lot of dirty press against us".

Desnieteenstaande het die "Fund" nog voortgegaan om fondse te gebruik vir die doel selfs nadat Mathew Nkoana die land uitgevlug het en die "Fund" 'n bedrag van R500 verbeur het.

Die "Fund" was baie trots op die feit dat hulle nie borggeld voorsien het aan of Bram Fischer of Walter Sisulu of Nelson Mandela nie. Dit was by herhaling in briewe en die pers beklemtoon. Die verdediging het hulle egter waargeneem.

/100 ...

11. Appèlsake.

Die "Fund" het 'n baie eienaardige benadering openbaar ten opsigte van sake waarin appèl aangeteken was. Dit het geensins gegaan oor die regsbeginsels of feite van die saak nie, maar alleenlik of fondse beskikbaar was.

Die beginsel was bykans deurgaans gehuldig dat op 'n skuldigbevinding moet appèl aangeteken word. Dit is een van die redes waarom sulke enorme bedrae geld verorber was vir verdediging van politieke misdade. Elke saak was as uiters belangrik beskou en die vryspreking van 'n beskuldigde was as 'n triomf beskou wat die koste ook gewees het.

In die saak van die Staat teen Livingstone Mrwetyana het beide die advokaat en prokureurs teen 'n appèl geadviseer. Dit ten spyte het die "Fund" opdrag gegee om appèl aan te teken. Die appèl was van die hand gewys en vonnis van 4 jaar gevangenisstraf bekragtig. Die appèl kos die "Fund" R500.

Frank, Bernadt & Joffe, prokureurs van Kaapstad skryf op 15 November 1965 aan die Kaapse-tak van die "Fund" onder andere:-

"... We feel that the prospects of success in such an appeal (to have portion of the sentence suspended) must be regarded as something less than 50% and the decision regarding appeal must largely depend on the availability of funds....".

George Poonen het die land verlaat terwyl hy op borg uit was en daar gewag was vir die uitslag van sy saak waarin appelleer was. Tenspyte van sy ontvlugting en verbeuring van borgakte besluit die "Fund" dat met die appèl voortgegaan word.

12. Rivonia Verhoor.

Alhoewel die "Fund" gedurende sy bestaan etlike duisende sake laat verdedig het tog is daar enkele sake van besondere belang in soverre dit die "Fund" raak..

Nog voor die Rivoniasaak 'n aanvang geneem het, het die "Fund" hier ter plaatse besluit om geensins daarmee gemoeid te wees nie. In die eerste plek, so het hulle argumenteer, is dit 'n tipe saak wat buite die bestek en bepaling van die konstitusie val en tweedens was fondse ook nie beskikbaar nie vir so 'n groot saak op daardie stadium.

Domheer Collins wou ten alle koste die saak laat verdedig en het ook die nodige fondse beskikbaar gestel deur die geld aan prokureur Joel Joffe van Johannesburg te stuur. Op hierdie wyse is R34,000 beskikbaar gestel vir die verdediging van beskuldiges in die Rivonia verhoor. Hierdie geld was direk aan Joel Joffe gestuur en of die geld alles gebruik en behoorlik verantwoordig voor gedoen was is onmoontlik om vas te stel. Domheer Collins was hieroor nie begaan nie en daarom was dit selfs vir hom ook onmoontlik om behoorlike state van "Defence and Aid" in Londen te publiseer. Daar is onteenseglik baie geld van behoeftiges in Brittanje gevorder of liever "extracted" soos die Domheer dit self genoem het en dan was dit op die wyse spandeer soos blyk in die Rivonia verhoor.

/102...



13. Fischer and Andere - Verhoor.

Die Fischer en andere verhoor het 'n wêreldwye opskudding veroorsaak veral nadat Fischer sy borg verbeur het en ondergronde gegaan het. Die Voorsitter van die "Fund" te Port Elizabeth het sy Komitee meegedeel dat die "Fund" nie betrokke is by die Fischer verhoor nie. Uit die volgende uittreksels uit briewe is dit duidelik dat die "Fund" van die begin af wel met die saak gemoeid was.

Op 31 Maart 1964 skryf die Johannesburg-tak van die "Fund" aan Hayman & Aronsohn soos volg:

"... We have pleasure in enclosing two cheques. The first R4,000 is made up of R3,750 for the Fischer Trial and R250 for the trial of Naidoo ...".

Op 16 Desember 1964 skryf Domheer Collins aan die "Fund" te Johannesburg:

"... This letter also confirms that we will guarar the sum of £3,000 in the case of Advocate Fischer and co-accused. We understand that Mr. Joel Joffe, the lawyer who originally handled the case, had already briefed counsel and is now leaving South Africa ...".

Op 22 Januarie 1965 skryf Defence and Aid, Londen aan David Craighead, Voorsitter, Johannesburg-tak van die "Fund":

"... The reason for our delay in replying is that Canon Collins is away from London for two months and was waiting for him to come up to London yesterday to discuss the whole question of costs with particular regard to the case of Bram Fischer and thirteen others ..."

Op 7 April 1965 skryf "Defence and Aid", Londen aan David Craighead as volg:

"We would like to know from you the total costs in the Fischer case as we hope to meet all these including

the costs of Mr. Fischer's defence Counsels".

Sover nagespoor kan word het die "Fund" 'n bedrag van R17,669 betaal aan Hayman and Aronsohn ten opsigte van die Fischer saak. Die beraamde koste het R17,000 beloop.

In antwoord op die navraag van "Christian Action" skryf die Johannesburg-tak op 15 April 1965:-

"... To date we have paid out an amount of R17,669 for the Fischer trial. This includes costs of Mr. Fischer's defence counsels and all expenses to date. However, some more will be needed and it is certain to be taken on appeal ...".

Die doelstellings van die beskuldigdes in beide die Rivonia en Fischer verhore laat nie die minste twyfel nie - die omverwerping van die bestaande regeringstelsel deur geweld en bloedstorting en die daarstelling van 'n despotiese regeringstelsel gebaseer op die diktatorskap van die proletariaat. Om genoemde sake in die bestek van die Konstitusie van die "Fund" te bring sal ook 'n unieke vertolking vereis soos John Blundell tereg opgemerk het in sy brief aan Solly Sachs.

/104 ...

14. Uitstaande Persoonlikhede.

Om die rol van elke afsonderlike lid te bepaal in die funksionering van "Defence and Aid Fund" beide in Engeland en Suid-Afrika sou 'n onbegonne taak wees. Dit is egter insiggewend om die hooffigure in Engeland en Suid-Afrika van naderby te beskou.

(i) Domheer Collins.

In Engeland het domheer Collins nie alleen as voorsitter van "Christian Action" en "Defence and Aid" opgetree nie, maar was hy ook alleenheerser oor al die fondse wat ingesamel was. Die verbittering waarmee al sy aanvalle op Suid-Afrika gepaard gegaan het, het geen perke geken nie. Die Anglikaanse domheer het in sy bitsige aanvalle op Suid-Afrika so ver gegaan dat hy by sy Biskop aangekla was dat "The political activities of Canon Collins has become a serious scandal in the Church". Hierop het die Right Reverend Robert Stopford, Biskop van Londen geantwoord dat hy niks daaraan kan doen nie en die domheer het onverpoosd en ongehinderd voortgegaan.

Die domheer het ook nie geskroom om sy gevoelens en oortuigings luidkeels die wêreld in te stuur nie en so goed was dit ontvang dat selfe Rusland daarop geantwoord het met 'n skenking van R7140 aan "Defence and Aid" te Londen! Dit is van die fondse wat die "Fund" in Suid-Afrika gebruik het vir die "liberation movement".

So skryf die domheer aan Walter Sisulu met die Rivonia-verhoor:

"... We shall certainly do everything we can to go on helping until the liberation movement succeeds in its purpose ...".

Om die uitkyk van die domheer oor aangeleenthede

in Suid-Afrika goed te begryp sal enkele uittreksels uit sy toespraak voor die V.V.O. weergegee word:

"... The policy of Apartheid, certainly as it is practised in South Africa, is clearly quite incompatible with the Charter of the United Nations and the Universal Declaration of Human Rights. To put matters right in South-Africa requires political action on a big scale ... there is little if any likelihood of effecting the necessary political changes by normal, democratic, internal political processes. In such a situation it seems probable that only external pressures and the threat or execution of internal revolution will bring about the desired result:

I believe it would be wrong to suppose that the work done by the Defence and Aid Fund is no more than a palliative. I think that, as well as bringing to the persecuted victims of unjust legislation and oppression and arbitrary procedures ... the Defence and Aid Fund has played and continues to play a vital role in bringing about those political changes so desired by all the people of good will ... the contribution of Defence and Aid in this respect fosters the morale of the internal resistance; for if the necessary political changes are to be brought about with the minimum of violence - and no sane person could wish otherwise - it is the resistance movement inside South Africa, the front line of the struggle for freedom, which alone can give to South Africa the ability to become a non-racial society based upon a free democratic way of life...

... Legal defence achieves far more, I think, than a bare recital of the statistics of those defended would indicate. First and foremost it builds and sustains the

morale of the people in the face of deliberate government policy to break their spirit...

... The Government had planned to use the trial (Rivonia) as a propaganda platform for its attempt to make the world believe it was up against a communist plot. This very largely failed ...

... The convicted men went to gaol, knowing that as far as humanly possible, their families would be cared for ... By caring for their families we build morale in gaol.

... I have explained one aspect of the welfare work of Defence and Aid, namely that the morale of the men in gaol is kept up when they know that their families are cared for ...

I have given only a bare outline of all the needs. Nor have I touched upon the necessity to provide for the families and dependants of the underground resistance ... no political organisation which seeks to change South Africa's racial policies can function properly in the open ... Those who wish to continue the struggle have to go underground.

But what man or woman can happily or easily undertake such dangerous work if he or she knows that, by doing so, the wellbeing of the children and other dependants is at stake" ..

As dit nie 'n uitnodiging tot geweld en bloedvergieting is nie dan sal 'n unieke vertolking ook hieraan toegeskryf moet word.

Kort na die toespraak van die domheer het Alan Paton vermoedelik hom tereg gewys en toe hy geen antwoord van hom kry nie skryf Paton op 14 Oktober 1965 aan

Dennis Scarr, Voorsitter van die Port Elizabeth-tak as volg:

"... Not a word from our friend yet. No money either, I believe. He was deeply hurt by our letter. I have now received the U.N. transcript and the tricky passages are these - 'Nor have I touched upon the necessity to provide for the families and dependants of the underground resistance. But what man or woman can happily or easily undertake such dangerous work if he or she knows that, by so doing, the well being of the children and other dependants is at stake!

As I read this it means that Defence and Aid (South Africa) is deliberately helping dependants so that the underground fighters can go on happily with their work. I think it was an incredibly stupid speech to make. You might like to know that the Christian Action version of Collin's speech in respect of the above quoted remarks is the same as the U.N.O. version".

Die domheer het ontken dat hy die gewraakte woorde gebesig het en die bewyse dat dit wel gebruik was word in die laaste sin bevat.

(ii) Ruth Hayman.

Die persoon wat in Suid-Afrika die grootste rol gespeel het in die "Fund" is sonder twyfel Ruth Hayman van die firma Hayman & Aronsohn, prokureurs van Johannesburg. Sy het 'n leeu aandeel van die fondse beheer en hanteer. Sy het in vele hoedanighede opgetree en was die stukrag agter die administrasie van die "Fund".

Met die ontstaan van die "Fund" het die verskeie takke regs Komitees aangestel om die Uitvoerende Komitees van regsraad te bedien. Die regs Komitees het bestaan uit praktiserende prokureurs en advokate.

Vir die Johannesburg-tak van die "Fund" het

Ruth Hayman opgetree as konvenor en lid van die regskomitee. Ook het sy as lid van die Uitvoerende Komitee diens gedoen. Hierdie tweeledige optrede het haar in 'n magsoffisiële geplaas wat sy dan ook ten volle uitgebuit het. Met die uitsondering van enkele sake het sy ook nog opgetree as opdraggewende prokureur in alle sake waarin die Johannesburgse-tak van die "Fund" gemoeid was. Vir etlike jare was sy ook opdraggewende prokureur vir al die sake in Oos-Kaapland.

Dit volg dan logies dat sy voorregte en toegewings geniet het waaroor niemand anders beskik het nie. Sy het voorstelle ingedien by die regskomitee wat weer aan die Uitvoerende Komitee voorgelê was en sy as opdraggewende prokureur moes uitvoer.

Met die verskuiwing van die hoofkantoor van die "Fund" vanaf Johannesburg na Kaapstad in Augustus 1965 het weinig van die Johannesburg Komitee oorgebly. Daar was geen voorsitter of sekretaris nie en net vier lede het oorgebly waaronder Ruth Hayman en Hannah Jaff. Die werk het egter voortgegaan en groot bedrae geld was hanteer sonder dat die Komitee formeel byeen gekom het. Dit verduidelik die posisie waars die geldelike transaksie van die "Fund" vir Johannesburg alleenlik tot November 1965 opgeskryf is. Ruth Hayman en Hannah Jaff was die twee gemagtigde ondertekenaars van tjeks namens die "Fund" en vanaf Augustus 1965 tot 22 Februarie 1966 toe die Johannesburg-tak heeltemal ontbind het, was groot bedrae geld uitbetaal deur Ruth Hayman en ook groot bedrae ontvang.

Op 28 Desember 1965 is 'n tjek vir R3500 vanaf Kaapstad-tak van die "Fund" gestuur na Ruth Hayman. Sy het die tjek endosseer en inbetaal op haar trustrekening op 21 Januarie 1966. Hierdie transaksie word nie getoon in die Johannesburg-boeke van die "Fund" nie.

Meer as 'n maand na 18 Maart 1966 het Ruth Hayman die beredderaar geskakel per telefoon en meegedeel dat sy 'n half gebruikte tjekboek van die "Fund" in een van haar kantoorlaaie gekry het. Sy was meegedeel om dit onmiddellik aan te stuur. Die tjeknommers van die boek het geloop vanaf 247001 tot en met 247200. Tjeknommers 247001 tot en met 247076 was reeds uitgeskeur en vermoedelik gebruik. Tjek Nr. 247077 was volledig geteken, maar geen bedrag was ingevul nie. Dit was onderteken deur Ruth Hayman en H. Jaff wat tekenmagte gehad het. Tjeks Nrs. 247078 tot en met 247080 was reeds onderteken deur H. Jaff met geen bedrag geld aangedui nie.

Die onderstaande is bedrae betaal aan Hayman en Aronsohn uit bogenoemde tjekboek:

19.7.65	Hayman & Aronsohn - re Port Elizabeth	2000.00
20.7.65	Hayman & Aronsohn - Cape Province and other Commitments	2000.00
27.7.65	Hayman & Aronsohn re G. Doyle	100.00
30.7.65	Hayman & Aronsohn re J. Phehlamohlaka	41.30
3.8.65	Hayman & Aronsohn re C.P. Cases	2000.00
12.8.65	Hayman & Aronsohn re J. Gqabi - 100 ) S. Neame 1000 ) General Disbursements 155 )	2155.00
24.8.65	Hayman & Aronsohn Eastern Province	1850.00
24.8.65	Hayman & Aronsohn Sylvia Neame	2000.00
13.9.65	Hayman & Aronsohn M. v.d. Berg	5.00
30.9.65	Hayman & Aronsohn Viljoensdrift 85.00) L. Makfote 72.50 M. v.d. Berg 105.00)	262.50
30.9.65	Hayman & Aronsohn C.P. Cases	1000.00
26.10.65	Hayman & Aronsohn Nine Hundred Rand	900.00
8.11.65	Hayman & Aronsohn Niks ingeskryf	2000.00
18.11.65	Hayman & Aronsohn Niks ingeskryf	500.00

/110...



Die laaste drie getekende en uitgereikte tjeks bevat geen aanduiding watter dienste gelewer was nie en dit verskyn ook nie in die uitbetalingsregister nie want inskrywings was gestaak sedert Oktober 1965. Geen rekening kan van hierdie geld opgespoor word nie.

Ook uit notules kom ietwat eienaardige besluite van die Komitee. Op 20 September 1965 is die notule van die "Management Committee" van Johannesburg onderteken deur Ruth Hayman en onder andere die volgende besluit:

"S. Neame case. It was decided that the balance held by Hayman and Aronsohn for this account should be retained against costs of the appeal ...".

Geen syfers word aangegee of deur die "Fund" of deur Hayman and Aronsohn nie, en dit kon maklik gedoen geword het, want Ruth Hayman was voorsitter by die spesifieke vergadering en ook die opdraggewende prokureur. Die saak van Sylvia Neame het die "Fund" uiteindelik R5500.00 gekos.

Uit die notules van die "Management Committee" blyk dit dat H. Jaff die vergaderings van 9 Augustus 1965 en 14 Januarie 1966 as voorsitster onderteken het. Uit bogenoemde vergadering se notules kom onder andere die volgende voor:

"... It was accepted in principle that when there was a credit balance at the end of a case handled by Miss Hayman's office that amount should be transferred to the allocation already passed for any other case being handled by her ...".

Dit is inderdaad 'n toegewing wat, gepaard met die feit dat Ruth Hayman en H. Jaff die enigste twee gemagtigde ondertekenaars van tjeks vir die "Fund" is, as uiters ongewens en onreëlmatig moet bestempel word.

/111...

Ruth Hayman was volgens die toegewing nie verplig om die balans indien enige te verstrek nie en al sou sy ook 'n balans verstrek het kon die "Fund" dit nie kontroleer nie as gevolg van gebrekkige boekhouding.

Ruth Hayman was ook die algemene raadgewer van die "Fund" oor die hele land. So was sy genader om 'n vraelys op te stel wat gebruik sou word vir nadere besonderhede in verband met alle politieke sake. Memoranda oor die A.N.C. en die Wet op Onderdrukking van Kommunisme het die vraelyste vergesel. Sy was dan ook gebruik as tussenganger vir versending van fondse in verskeie politieke verhore.

Op 17 Maart 1967 het die beredderaar beslag gaan lê op die boeke van Ruth Hayman wat op daardie tydstip by 'n ouditeursfirma was. Geen onreëlmatighede kon gevind word nie. 'n Ouditeursverslag word sangeheg. Uit die rekening "Defence and Aid General" word verskeie groot bedrae oorbetaal. Rekenings word egter nie afsonderlik vir kliënte gehou nie met die gevolg dat niemand weet of focie bedoel vir kliënte almal uitbetaal is nie.

/112...

15. Algemeen.

(i) Op 15 Mei 1967 het die Veiligheidstakke te Durban, Port Elizabeth en Kaapstad in oorleg met die beredderaar, die prokureurs wie eise ingedien het, se boeke nagegaan vir enige onreëlmatighede. Van hierdie metode was gebruik gemaak omdat dit die enigste wyse was waarop gelyktydig toegeslaan kon word. Daar was geen onreëlmatighede gevind nie.

By verskeie geleenthede het mev. Helen Suzman vrae gestel in die Huis in verband met politieke verhore. Sy het hierdie vrae gestel in opdrag van die "Fund". Toe sy deur Sy Edele Minister Vorster beskuldig was dat sy as agent optree vir die "Fund" was haar toorn billik ontstoke. Die inligting wat die "Fund" benodig het vir "Christian Action" was op hierdie taktiese wyse verkry.

(ii) Huidige Versending van Fondse.

Uit die notule van die Uitvoerende Komitee van die "Fund" van Kaapstad kom die volgende voor (8.9.65):

"... Correspondents. It has been decided that the proposal to establish correspondents in London, through whom our legal fees could be paid to attorneys in South Africa, is not satisfactory, as the Fund would not have control over these funds. However, it may be advantageous to receive its own funds via a firm of attorneys in London".

Uit 'n delikate bron is dit vasgestel dat hierdie metode nou wel gebruik word om fondse na Suid-Afrika te versend. Fondse wat Christian Action na Suid-Afrika wil stuur word aan 'n Londense prokureursfirma oorbetal en op hulle beurt word die fondse direk aan die prokureurs in Suid-Afrika versend. Domheer Collins het by meer as een

geleentheid gesê dat indien die Suid-Afrikaanse regering teen die "Fund" sou optree hy ander prosedures het wat hy sou volg, maar dat die geld nog na Suid-Afrika sou versend word.

Die gedaantewisseling wat die "Fund" deur die jare in wese ondergaan het kom duidelik na vore in die woorde van die skrywers van "The Puppeteers":-

"... The Communists have for a long time recognised that emotional 'do-gooder' organisations have soft underbellies which can easily be penetrated. Many such organisations travel long distances before it dawns upon them that they are unconsciously being used as fellow-travellers".

Die veranderings in wese en die infiltrasie van kommuniste in die administrasie van die "Fund" het duidelik bewyse gelewer dat deur hulle optrede dit beoog was om 'n politieke, industriële, sosiale of ekonomiese verandering te bewerkstellig. Die "Fund" is maar nog net een van die fasette van die Kommuniste.

*D.P. Wilcocks*

D.P. Wilcocks,  
Beredderaar - Defence and /  
6 September 1967.

DECLASSIFIED

VIGILANSGEROU 501,  
 PRETORIUSSTRAAT 287,  
 PRETORIA.

VERTROULIK

8 Maart 1967.

Die Likwidateur,  
 Defence and Aid Fund,  
 Privaatsak 81,  
PRETORIA.

Meneer,

Boekhouding van die Defence and Aid Fund.

Soos deur u opgedra, het ons die boeke en rekords van die Defence and Aid Fund wat in u besit is, nagegaan en doen graag as volg verslag:

1. Inleidend:

Die boekhouding was klaarblyklik nie gesentraliseer nie en elke area het sy eie boekhouding waargeneem. Boeke en rekords, wat alle stukke is waarop die Polisie ten tye van die inbandoening van die Organisasie beslag gelê het, is ten opsigte van die volgende afdelings aan ons voorgelê:

- a) Kaapstad
- b) Johannesburg
- c) Port Elizabeth
- d) Durban

Die S.A. Defence and Aid Fund is vanaf Augustus 1965 in die lewe geroep. Die dokumente wat deur ons ingesien is, skep egter die indruk dat hierdie fonds maar slegs 'n voortsetting van die Defence and Aid Fund was en vir die doeleindes van ons ondersoeking is die twee fondse as een en dieselfde organisasie beskou.

Die boeke en rekords is op 18 Maart 1966 in beslag geneem en op daardie datum was meeste van die afdelings se boeke slegs tot Oktober/November 1965 opgeskryf.

2. Konstitusie:

Dit was nie moontlik om vanaf die beskikbare rekords presies te bepaal of die konstitusies wat op leer is, op 'n gegewe tyd in alle opsigte met betrekking tot wysigings wat van tyd tot tyd aangebring is, aangesuiwer is nie. Die notules is ook nie altyd van waarde in dié opsig nie, bv. Kaapstad vergadering van 18 Augustus 1965 bevat slegs dié woorde "The Constitution was read and amended in a number of places" as aanduiding dat die konstitusie gewysig is.

3. Boeke en rekords:

- (a) Dit is uiters moeilik om uit die boeke en rekords vas te stel of behoorlik rekenskap gegee is van alle gelde wat deur die fonds hanteer is. Dit is hoofsaaklik te wyte aan die feit dat fondse van oorsee nie konsekwent na 'n sentrale punt gestuur is nie, maar aan takke direk.
- (b) Die boeke toon nie 'n oorsigtelike beeld van die bates en laste van die Fonds op die datum toe die organisasie in die ban gedoen is nie.

2/...

DECLASSIFIED

DECLASSIFIEER

- 2 -

- (i) Wat die bates aanbetref, is dit bv. vir u as likwidateur onmoontlik om te bepaal dat die gelde wat u van banke ontvang het, wel alle fondse wat daar moes gewees het, verteenwoordig. U is dus in die posisie dat u die banke se syfers moet aanvaar.
- (ii) Wat die laste aanbetref is dit absoluut onmoontlik om uit die boeke vas te stel wat die fonds se aanspreeklikheid vir hangende hofsake is. Op dieselfde wyse is dit onmoontlik om te bepaal of daar nie dalk krediete by prokureurs bestaan waarvan nog nie behoorlik rekenskap gegee is nie.

Ons beweer dat die boekhouding en rekordstelsel van die Fonds in hierdie opsig gebrekkig is. Veral as in ag geneem word dat die grootste deel van die fonds se uitgawes aan regsaksies bestee is, is dit uiters belangrik dat die boeke sou aantoon hoe die geld bestee is.

Na ons mening sou die minimum vereiste wees dat ten opsigte van elke saak wat verdedig is, die boeke 'n rekening vir die geval sou toon, met die bedrag of bedrae wat in verband met die geval aan die prokureurs betaal is. By ontvangs van die prokureur se staat sal kostes dan teenoor die deposito(s) teboek gestel word om te bepaal wat nog ten opsigte van die transaksie betaalbaar is of tot krediet van die Fonds staan. Op hierdie wyse sou dan kon bepaal word watter sake mee voortgegaan is, afgehandel is of hangende is en wat die totale regskoste beloop het.

In die boeke is betalings aan prokureurs bloot na 'n rekening vir regskoste gedebiteer en is geen verdere inskrywing in verband met die transaksie gedoen nie. Dit is dus vir u as likwidateur onmoontlik om te bepaal of prokureurs behoorlik rekenskap gegee het van alle gelde deur hulle ontvang en of daar nie dalk krediete bestaan ten opsigte van bv. sake waarmee nie voortgegaan is nie. Ook sal u nie kan vasstel of die prokureurs se rekeninge aan u ten opsigte van hangende sake, korrek is nie. Teen die einde van die tydperk is bv. glad nie meer op tjkteenblaai spesifiseer vir welke gevalle deposito's by Prokureurs gemaak word nie - siegs 'n ronde bedrag is oorbetal, wat in meeste gevalle op 'n aantal sake betrekking gehad het.

Uit die stukke kon geen oorsigtelike beeld van die sake wat verdedig is, gevind word nie. Afgesien van die boeke wat nie 'n rekord van bepaalde gevalle aantoon nie, kon ook geen state van prokureurs gevind word waarin 'n volledige oorsig van alle gelde deur hulle ontvang en kostes daarteen gedebiteer, aangetoon word nie.

- (c) Die boeke van die Johannesburgse tak is tot Junie 1965 geouditeer. Andersins is daar geen aanduiding dat boeke van takke aan oudit onderwerp was nie.
- (d) Bewysstukke vir betalings is nie in alle gevalle beskikbaar nie.
- (e) Finansiële beheer is in die volgende gevalle wat uit ons toetsoudit na vore gekom het, gebrekkig:
  - (i) 'n Tjek vir R3,500 wat op 28 Desember 1965 vanaf Kaapstad na Johannesburg oorgeplaas is, verskyn nie in die boeke van Johannesburg nie. Die tjek is endosseer deur Mej. Ruth Hayman namens S.A. Defence and Aid en inbetaal in die trustrekening van Hayman en Arohson op 21 Januarie 1966. Geen inskrywing vir hierdie transaksie kon in die boeke van Defence and Aid, Johannesburg gevind word nie.

3/...

DECLASSIFIEER

DECLASSIFIED

- 3 -

- (ii) 'n Tjekboek van die Johannesburg tak (wat volgens u mededeling deur mej. Ruth Hayman aan u oorhandig is) bevat tjeks wat in blanko deur die een ondertekenaar vooruit geteken is. Mej. Hayman het as komiteelid oor tekenmagte as tweede ondertekenaar beskik, en soos bekend, het sy ook as prokureur vir die fonds opgetree.
- (iii) Slegs in die geval van Johannesburg is van gedrukte kwitansieboeke gebruik gemaak. Selfs hier is daar egter geen beheer oor die voorraad ongebruikte kwitansieboeke uitgeoefen nie. Ingeval van die ander takke is van kommersiële kwitansieboeke gebruik gemaak, wat natuurlik uiters swak beheer daarstel, aangesien enige persoon geredelik 'n dergelike kwitansieboek kan aanskaf.

4. Algemeen:

Indien enige sake in hierdie verslag genoem, nie vir u duidelik is nie, sal ons dit met graagte met u bespreek.

Die uwe,

CRAFFORD, DU TOIT & VENNOTE

per:

*J. B. Botha*

DECLASSIFIED

DECLASSIFIED

82931 X246.

2/2/13

111 -12- 1967

GEHEIM.

Die Kommissaris van die  
Suid-Afrikaanse Polisie,  
Privaatsak 302,  
PRETORIA.

DEFENCE AND AID FUND.

n Afskrif van n druktelegram gedateer 15 November  
(1967) en deurgestuur aan die Privaatsekretaris van Sy  
Edele die Minister van Justisie deur die S.A.U.K.,  
Pretoria is vir u spoedige kommentaar aangeheg asseblief.

f. 29/11/

S. S. TERBLANCHÉ

Wnde. SEKRETARIS VAN JUSTISIE.

DECLASSIFIED



NEWS/21/11/67/1218  
EX JHB (SEN NEWS)  
FOR PTA (POL KOR)

ITEM EX NOFFKE FOR YOUR INFORMATION AND FOLLOW-UP PLEASE....

LONDON, NOVEMBER 15 (UPAFP) -- [THE INTERNATIONAL DEFENCE AND AID FUND IS NOW APPARENTLY GIVING LEGAL AND OTHER AID TO PERSONS CHARGED UNDER THE TERRORISM ACT IN SOUTH AFRICAN COURTS.

THE PRESIDENT OF THE INTERNATIONAL DEFENCE AND AID FUND CANNON JOHN COLLINS, MADE IT QUITE CLEAR IN LONDON LAST NIGHT THAT HIS ORGANISATION WAS IN FULL SYMPATHY WITH TERRORISTS OPERATING IN SOUTHERN AFRICA. CANNON COLLINS SPOKE AT A LEFT WING RALLY IN LONDON AND SAID PEOPLE WERE FULLY JUSTIFIED TO SUPPORT THESE TERRORIST ACTIVITIES.

THE DEFENCE AND AID FUND WAS RECENTLY BANNED IN SOUTH AFRICA. INFORMED CIRCLES IN LONDON BELIEVE THAT THE INTERNATIONAL DEFENCE AND AID FUND HAS NOW DEVELOPED NEW MEANS OF CHANNELING FUNDS TO SOUTH AFRICA TO BE USED TO AID PERSONS APPEARING UNDER CHARGES OF TERRORISM. (NOTA THIERDIE BERIG IS KORREK, DAAR SAL WAARSKYNLIK BINNEKORT 'N VERDERE VERWIKKELING WEES).

EINDE PCG.

*Sekretaris*  
*Vin sekuritas, berpresensi, dan*  
*Konsep di bawah asf.*

*J 22/11/67*  
*11/11/67*



SUID-AFRIKAANSE UITSAAIKORPORASIE

ENIGSTEL, KLAGGENS NIE 22 VAN 1967

*Kom 1/2 3/4 5/1*  
PRETORIA

U VERW.  
ONS VERW.

MINNAARSTRAAT, 237,  
PRETORIA.  
POSBUS 942.  
TELEGRAMME EN KABELS  
"UTSAAI"  
PRETORIA.  
TELEFON 26061

22. 11. 67.

Geogte Mrs Hunter,



Hiermee die  
afskrif vd. Brief oor die  
Internasionale Defence o. Ho.  
Tammes vir die krentels  
Maar dit was by gister-  
aand hanteer is.

Daan J. Steyn.

ALLE KORRESPONDENSIE MOET AMP DIE SPREEKORREKTEUR GENG WORG.



*Le Katers*

*Vin iakgting, korrespondensie  
Kontrol en verslag oet.*

*P 22/11/67  
M. J. Steyn*

22-12-67

Sy Edele die Minister van Justisie,  
PRETORIA.

Geagte Minister,

BEREDDERING VAN DIE BATES EN LASTE VAN DIE DEFENCE  
AND AID FUND.

1. Die Defence and Aid Fund is op 18 Maart 1966 ingevolge artikel 2(2) van die Wet op die Onderdrukking van Kommunisme, 1950 (Wet No. 44 van 1950) tot 'n onwettige organisasie verklaar. U het my ingevolge artikel 3(1)(b) van die Wet as beredderaar van die organisasie se bates aangewys. Hiermee doen ek graag aan u verslag aangaande die uitvoering en afhandeling van my taak.

2. Die eerste deel van my bereddering het bestaan uit die opspoor en te gelde maak van die organisasie se bates. Hierdie gedeelte van my taak is deur 'n verskeidenheid van faktore bemoeilik. Ek ag dit nodig om u volledig aangaande hierdie faktore in te lig:

(a) Daar was talle organisasies beide in die buiteland en hier ter plaatse wat intiem aan Defence and Aid gekoppel was of daadwerklik die doelstellings van die "Fund" bevorder of help bevorder het.

In die buiteland was daar die volgende organisasies:

- (i) "American Committee on Africa".
- (ii) "Scottish Council for African Questions".
- (iii) "World Council of Churches".
- (iv) "Amnesty International".
- (v) "World Campaign for the Release of South African Political Prisoners".
- (vi) "Trades Union Congress".

- (vii) "National Executive Committee of the Labour Party".
- (viii) "Christian Action".
- (ix) "International Confederation of Free Trade Unions (I.C.F.T.U.)".

In Suid-Afrika was die volgende organisasies:

- (i) "Human Rights Welfare Committee".
- (ii) Suid-Afrikaanse Instituut vir Rasseverhoudings.
- (iii) Nasionale Unie van Suid-Afrikaanse Studente.
- (iv) "90 Day Protest Committee".
- (v) "Community of the Resurrection" - Alice, Kaap.
- (vi) "The Pretoria Action Council for Human Rights".
- (vii) "National Committee for Liberation".
- (viii) "Detainees Relief Fund".
- (ix) "African Relief Fund".
- (x) "Dependant's Conference", Kaapstad.
- (xi) Die Liberale Party.
- (xii) "State of Emergency Relief Fund".
- (xiii) "Religious Society of Friends (Quakers)".
- (xiv) "Treason Trial Defence Fund".
- (xv) "South African Congress of Trade Unions".
- (xvi) "Congress of Democrats".
- (xvii) "The Christian Council of South Africa".
- (xviii) "South West African National Union".
- (xix) "Christian Council for Social Action".
- (xx) "Black Sash".
- (xxi) Die Kommunistiese Party van Suid-Afrika en die Suid-Afrikaanse Kommunistiese Party.

Die fondse wat van die verskeie instansies van die buiteland hier ontvang was, het heen en weer tussen die organisasies hier te lande gevloei. Buitelandse

organisasies het dikwels hul bydraes nie deur die "Fund" gekanaliseer nie maar direk aan organisasies in Suid-Afrika gestuur, wat op hulle beurt weer met die "Fund" geskakel het.

Bogenoemde feite het die opsporing van bestaande balanse op 18 Maart 1966 (die datum van onwettigverklaring) onmoontlik gemaak. Kyk bylaag "A" wat 'n kort uiteensetting gee van die skakeling wat daar was.

(b) Sekere bepalinge in die Konstitusie van die "Fund" het soos volg gelui:

"Objects:

(i) To uphold, defend and protect by all lawful means Human Rights, and Civil Liberties especially the right to hold and express opinions.

(ii) To grant relief and assistance to compensate men and women and their dependants who suffer as a result of the loss of any of the said rights and liberties whether by process of law or otherwise.

(iii) To collect money to pay for the rendering of legal advice and assistance to persons in need thereof ...

Accounts:

Proper accounts shall be kept in respect of the finances of the Fund and shall be properly audited.

Trustees:

The Fund shall have not less than three and not more than seven Trustees whose function shall be to ensure that the funds are used and applied in accordance with the objects of the Fund."

Die bepalinge van die konstitusie is nie by die aangaan van uitgaves nagekom nie. Daar is nie die

minste aanduiding dat die Trustees beheer oor die besteding van fondse uitgeoefen het nie. (Kyk bylaag "B").

(c) Dit was oor en oor beklemtoon dat die fondse van die "Fund" uitsluitlik gebruik was "to pay for the legal representatives of people facing political charges and where possible to aid families who are left destitute". Dat die fondse egter nie so gebruik en aangewend was nie blyk uit bylaag "C".

(d) Die bronne van fondsverkrying was oor die hele wêreld versprei. Alhoewel "Christian Action" die grootste bron was, was aansienlike bedrae ook van instansies in Amerika, Europa, Australië en Nieu-Seeland verkry.

In Suid-Afrika was bydraes minimaal in vergelyking met oorsese bydraes. Hier te lande was dit gepoog om fondse deur middel van etes, danse en musiekaande in te samel. Gereelde skenkers was daar nie in Suid-Afrika nie.

Domheer Collins wat aan die spits gestaan het van invorderings vir "Christian Action" het gereelde bedel-advertensies laat plaas in die Britse en buitelandse koerante waarin hy gebruik gemaak het van "human interest stories". Hierdie "human interest stories" wat die "Fund" in Suid-Afrika aan hom moes verskaf, was dan verwerk om op die publiek se gevoelens te speel en sodoende fondse te bekom. (Kyk bylaag "D").

Dikwels is bydraes vir die "Fund" ook van privaat persone uit die buiteland ontvang. Deurdad bydraes uit soveel verskillende lande en van verskillende instansies ontvang was en nie in een gekonsolideerde fonds gestort was nie, kon die ontvangste vir die "Fund" nie tot by maandelike bestaande bates nagespoor word nie.

(e) Boekhouding:

Een van die bepalings van die konstitusie het, soos reeds aangedui, gelees:

"Proper accounts shall be kept in respect of the finances of the "Fund" and shall be properly audited".

Die stelsel van boekhouding deur die "Fund" gebruik, was een van ontvangstes en uitgawes.

Die inskrywings in die boeke van die takke was, soos blyk uit die boeke waarop beslag gelê was nie bygehou nie. Ouditering is, soos blyk uit bylaag "E(i)", nie gereeld uitgevoer nie.

Nie een van die takke, insluitende die Johannesburg-tak, het 'n deurlopende rekening van ontvangstes en uitbetaling gehou nie. Daar was deurgaans gebruik gemaak van die balanse soos deur die onderskeie banke verstrekk. Uit die boekhouding van die onderskeie takke kon dit op geen stadium bepaal word wat die totale ontvangstes en uitbetalings was nie.

Die bank moes aandui of die rekening 'n krediet- of debietbalans gehad het.

Die totale ontvangstes en uitbetalings van die "Fund" in Suid-Afrika kon nie bepaal word nie. 'n Ander groot leemte in die administrasie van die fondse is die feit dat aan niemand eintlik verantwoording moes gedoen word nie. Niemand kon ook korrekte syfers verstrekk ten opsigte van ontvangstes en uitbetalings vir enige tak nie as gevolg van gebrekkige en nalatige boekhouding. Selfs domheer Collins kon nie syfers van totale ontvangstes en uitgawes verstrekk nie. (Kyk bylaag "E(ii)").

"Christian Action", wat honderde duisend rand na Suid-Afrika versend het, het nooit vir gedetailleerde state

van hoe fondse bestee is gevra nie. Niemand was aan enige persoon 'n verduideliking verskuldig nie.

In baie gevalle was fondse van "Christian Action" nie by die "Fund" gestort nie, maar direk aan prokureurs vir spesifieke sake betaal. Hierdie gelde was gelaat by die prokureurs en of daar op 18 Maart 1966 nog batige saldo's was, kon nie vasgestel word nie. (Kyk bylaag "E(iii)").

Dieselfde geld ook vir voorskotte aan prokureurs gemaak voor 18 Maart 1966. Dit was nie moontlik om vas te stel of die fondse opgebruik was al dan nie.

Vir die jaar eindigende 30 Junie 1965 was die "Fund" se inkomste R68,321.00, waarvan R32,000 van "Defence and Aid" in Londen gekom het en R4,621.00 plaaslik ingesamel was. Die balans het van ander instansies vanaf die buitenland gekom.

Die kleinkasboek van die Kaapse tak was net tot 11 November 1965 opgeskryf sonder dat Novembermaand behoorlik afgesluit was. Daar was daarna ongetwyfeld nog uitbetalings maar geen inskrywings was gedoen nie. Die Johannesburg-tak se kasboek is opgeskryf vir 'n gedeelte van Oktober 1965 en alhoewel baie uitbetalings daarna gedoen is, is dit nie aangeteken nie. (Kyk bylaag "E(iv)"). Vanaf Julie 1965 is geen maand se inskrywings behoorlik afgereken nie.

Daar was deur die "Fund" ook nie afsonderlike rekeninge gehou van prokureurs aan wie voorskotte gemaak was nie. As 'n prokureur sy beraamde koste aan die "Fund" voorgelê het, was die bedrag ten dele of ten volle betaal, mits die fondse in die bank beskikbaar was.

Op 28 Desember 1965 is 'n tjek vir R3500 vanaf die Kaapstad-tak van die "Fund" aan Ruth Hayman ('n Johannesburgse prokureur wat later kragtens die Wet op die Onderdrukking van Kommunisme, 1950, ingeperk is), gestuur. Sy het die tjek



endosseer en op haar trustrekening op 21 Januarie 1966, inbetaal. Hierdie transaksie word nie in die Johannesburgse boeke van die "Fund" getoon nie. Meer as 'n maand na 18 Maart 1966 het Ruth Hayman die beredderaar telefonies meegedeel dat sy 'n halfgebruikte tjekboek van die "Fund" in een van haar kantoorlaaie gevind het. Sy was meegedeel om dit onmiddellik aan te stuur. Die tjeknommers van die boek het geloop van 247001 tot 247200. Tjekvorms Nrs. 247001 tot en met 247076 was reeds uitgeskeur en vermoedelik gebruik. Tjekvorm Nr. 247077 was volledig geteken deur Ruth Hayman en Hannah Jaff (wat tekenmagte gehad het) sonder dat 'n bedrag geld ingevul was. Tjekvorms Nrs. 247078 tot en met 247080 was reeds onderteken deur H. Jaff maar geen bedrag geld was ingevul nie. Vir betalings uit hierdie tjekboek aan die firma Hayman and Aronsohn kyk bylaag "E(iv)".

Op 20 September 1965 is die notule van die "Management Committee" van Johannesburg onderteken deur Ruth Hayman en een van die besluite lees soos volg:  
"S. Neame Case. It was decided that the balance held by Hayman and Aronsohn for this account should be retained against costs of appeal". Geen bedrag word aangegee deur of Ruth Hayman of die "Fund" nie. Die saak het die "Fund" uiteindelik R5,500 gekos.

Aan die firma Crafford, Du Toit en Vennote, gektrooieerde Rekenmeesters van Pretoria was dit opgedra om uit die beskikbare boeke en dokumente 'n verslag voor te lê ten opsigte van die boekhouding van die "Fund". 'n Afskrif van die verslag verskyn in bylaag "E".

/8...

3. Die vasstelling van die organisasie se verpligtinge het nie groot probleme opgelewer nie aangesien die onus op die krediteure was om eise in te dien en te staaf.

4. Die finale balansstaat het soos volg daar uitgesien:

Invorderings:

7.4.66	Durban-tak van die Fund	4.08
7.4.66	Standard Bank, Kaapstad	996.51
7.4.66	Veiligheidstak, Suid-Afrikaanse Polisie, Kaapstad	4.94
13.4.66	E.P. Bougenootskap, Port Elizabeth	74.88
18.4.66	Veiligheidstak, Suid-Afrikaanse Polisie, Port Elizabeth	106.40
21.4.66	Allan Solomon, Arderne & Flynn, Port Elizabeth	48.76
21.4.66	Allan Solomon, Arderne & Flynn, Port Elizabeth	436.11
4.5.66	Barclays Bank, Pretoria	6928.13
23.5.66	Reitz, Jacobson & Effune, Johannesburg	1474.55
25.5.66	Hayman & Aronsohn, Johannesburg	2780.14
9.6.66	Borgkwitansie Nr. 107467	20.00
14.7.66	Standard Bank, Kaapstad	19.77
22.8.66	Miller Weedon Travel	86.20
22.8.66	Borgkwitansie	250.00
22.8.66	Telefoon Terugbetaling R. Hodgson	11.43
29.9.66	Posseëls verkoop	40
29.9.66	Posseëls verkoop	2.06
24.10.66	Borgkwitansie E. Loza	100.00
14.11.66	Staatsprokureur, Kaapstad	769.62
26.4.67	Geregsbode, Johannesburg	40.00

/9...

28.4.67	Geregsbode, Kaapstad	97.65
8.5.67	Geregsbode, Port Elizabeth	34.25
8.5.67	Posseëls verkoop	1.05
1.6.67	Kerbel & Borman, Port Elizabeth	289.04
24.8.67	Aderne & Flynn, Port Elizabeth	100.00
		<hr/>
		14,675.97

Uitbetalings.

Christine Gibbs - Salaris Maart 1966	60.00
Napiers - Port Elizabeth - Skryfbehoeftes	1.65
Telefoon Rekening, Kaapstad	.75
Royal Dairy, Kaapstad	1.56
S. Urdang - Salaris Maart 1966	115.00
Vervoer - Geregsbode, Kaapstad	13.00
Sonnenburg, Hoffman & Galombik - huur	17.97
Abe Swersky - Kaapstad - Prokureursfooie	1500.00
Frank, Bernadt & Joffe, Kaapstad - Prokureursfooie	221.30
Segal & Seymore, Pretoria - Prokureursfooie	237.26
Solomon, Arderne & Flynn, Port Elizabeth, Prokureursfooie	800.33
Kerbel & Borman, Port Elizabeth, Prokureursfooie	1465.71
H.L. Schachat, Kaapstad, Prokureursfooie	518.25
M.S. Frank & Frank, Kaapstad, Prokureurs- fooie	618.34
Findlay & Tait, Kaapstad, Prokureursfooie	280.19
Hayman & Aronsohn, Johannesburg, Prokureurs- fooie	4043.27
Lubbe Recordings, Pretoria	125.80

/10...

Crafford, du Toit & Vennote,  
Pretoria - Fooie

300.00

---

10,320.38

Oorbetaal aan Vereniging van  
Wetsgenootskappe

4,355.59

---

R14,675.97

---

*D.P. Wilcocks*

BEREDDERAAR : DEFENCE AND AID FUND.

22.12.67

ORGANISASIES.

HUMAN RIGHTS WELFARE COMMITTEE.

Die volgende bedrae is deur die "Fund" aan bogenoemde geskenk:

R600 op 10 Februarie 1961.

R100 op 2 April 1962.

R200 per maand vir 3 maande (besluit deur

Uitvoerende Komitee op 21 Januarie 1963).

R200 op 25 Januarie 1963 deur domheer Collins

direk oorbetaal aan organisasie.

SUID-AFRIKAANSE INSTITUUT VIR RASSEVERHOUDINGS.

Teen die end van 1964 het die "Fund" besluit om geen welsynswerk meer te verrig nie en bogenoemde organisasie het al die welsynswerk oorgeneem in Kaapstad.

Op 10 Desember 1962 skryf die Instituut aan die "Fund" te Kaapstad onder andere:

"I should like to appeal for assistance to help pay the costs of presenting evidence and watching the interests of Africans before the judicial Commission of Enquiry into the causes of the Paarl Riot on 22nd November, 1962. It is extremely important that the underlying cause of unrest be brought to light and for this purpose it is necessary that legal representation should be available particularly as the Police and the Paarl Municipality are being legally represented."

Die "Fund" het 'n bedrag van R800 bygedra. Op 18 Desember 1964 stuur die Instituut 'n bedrag van R1383 aan

/.....2.

die "Fund" te Johannesburg en R2500 aan die "Fund" te Port Elizabeth.

The "American Committee on Africa" het ~~1~~1000 aan die "Fund" toegesê wat eindelijk by die Instituut inbetaal is vir "Prison Education Fund".

Uit die notules van 'n spesiale vergadering van die Durban tak van die "Fund" blyk die volgende:

"Money had come from canon Collins and Trade Unions, there was now about R5000-00 in hand and Race Relations had been given R2500-00 for defence which it was hoped they would hand over.".

Op 11 Augustus 1965 het die "Fund" weer 'n bedrag van R154-00 aan die Instituut oorbetaal.

NATIONALE UNIE VAN SUID-AFRIKAANSE STUDENTE.

Op 11 November 1964 skryf die prokureursfirma "Hayman and Aronsohn" aan die "Fund" te Johannesburg:

"We beg to advise you that several weeks ago we were instructed by N.U.S.A.S. to act on behalf of these persons (Choabe, Gawe and Saule) who were until recently 90 days detainees in East London. On the 26th October, 1964 these persons were charged under the Suppression of Communism Act ..... We understand from N.U.S.A.S. that they are in a position to provide certain of the funds for defence of these persons but obviously they will not be able to cover all the fees involved..... There are four other students who are being detained in East London. Their names are H. Kani, E. Dhlala, Paul Modiba and Stanley Mabizela..... We wish to

/.....3.

make formal application for the assistance of Defence and Aid for these persons on the basis that N.U.S.A.S. will be able to provide portion of the fees."

Die Universiteit van die Witwatersrand het op 'n stadium R200 betaal ten opsigte van borg vir ene John Mokene 'n politieke oortreder wat later die land uitgevlug het en die borggeld is verbeur.

90 DAY PROTEST COMMITTEE (KAAPSTAD).

Onder Voorsitterskap van J. Hamilton Russel het die organisasie funksioneer tydens die geldigheid van die 90 dae klousule. Na die herroeping van genoemde klousule is 'n bedrag van R1534.50 aan die "Fund" oorbetaal.

NATIONAL COMMITTEE FOR LIBERATION FOR SABOTAGE FOR POLITICAL PURPOSES.

Rubin was die toonaangewende persoon in die organisasie, maar het die land in 1963 uitgevlug. Die "Fund" het Sedrich Isaacs, Achmed Cassem en James March verdedig wat Matroosfontein Poskantoor en die sub-stasie op de Waal rylaan saboteer het. Hulle was lede van die organisasie:

DETAINÉES RELIEF FUND (DURBAN).

Voordat die "Defence and Aid Fund" behoorlik in Durban gefunksioneer het was dié organisasie aldaar in werking. Met die "Fund" se inwerkingtreding het hierdie organisasie verdwyn en was R634.42 aan die "Fund" oorbetaal

/.....4.

DEPENDANTS CONFERENCE (KAAPSTAD).

Hierdie organisasie tesame met ander organisasies het die welsynswerk in Kaapstad en omstreke oorgeneem toe die "Fund" na 1963 met welsynswerk opgehou het.

Die organisasie bestaan vandag nog en gedurende die jare 1964 en 1965 was 'n bedrag van R20,000 vanaf die "Defence and Aid International" ontvang.

DIE LIBERALE PARTY.

Verskeie prominente lede van die party het op die uitvoerende komitees van die "Fund" gedien. Onder andere was daar Peter Hjul ('n ingeperkte kragtens die Wet op die Onderdrukking van Kommunisme, 1950), David Craighead ('n ingeperkte kragtens die Wet op die Onderdrukking van Kommunisme, 1950), Alan Paton, John Laredo, Ruth Hayman en Alex Hepple.

Beide David Craighead en Ruth Hayman was ondertekenaars vir die "Multi Racial Conference of South Africa" en by die geleentheid was 'n tjek aan die Liberale Party aangebied wat deur beide Craighead en Hayman onderteken was. Die bedrag van die tjek is onbekend.

STATE OF EMERGENCY RELIEF FUND.

Hierdie organisasie was tydens die noodtoestand van 1960 in die lewe geroep. Met die totstandkoming van die "Fund" het al die bates van die "Relief Fund" oorgegaan op die "Fund". Die bestuurskomitee van die "Relief Fund" het net so aangebly vir die Komitee van die "Fund". Aan die end van 1960 was 'n bedrag van R300,000 deur die "Relief Fund" spandeer en was nog R60,000 benodig om uitstaande ondernemings te finaliseer.

Gedurende 1960 is 'n bedrag van R2800 aan die "Relief Fund" deur die "Fund" betaal.



RELIGIOUS SOCIETY OF FRIENDS (QUAKERS).

Gedurende 1963 het die organisasie geld ingesamel en aan die "Fund" oorbetaal vir die verdediging van John Hlekani (n ingeperkte kragtens die Wet op die Onderdrukking van Kommunisme, 1950). Die bedrag oorbetaal is nie bekend nie. Op 9 September 1963 skryf dr. Ellen Hellman van die Johannesburgse tak van die "Fund" aan die Durbanse tak onder andere:-

"We give them (i.e. The Quakers) certain grants of money. We have as you likewise have, to be careful not to overstep our function which is to give compensation to people who are in difficulties by reason of the curtailment of the civil rights. Otherwise there is always the possibility of coming within the confines of the Welfare Organisation Act."

TREASON TRIAL DEFENCE FUND (T.T.D.F.).

Die fonds wat in 1956 in die lewe geroep is, het in 1960/63 oorgegaan op die "Fund".

R500 wat geleen was by die "Fund" was terugbetaal.

Op 10 Julie 1963 word die Standard Bank, Port Elizabeth as volg opdrag gegee:

"... will you please instruct the Standard Bank of South Africa to transfer the balance standing to the credit of the Treason Trial Defence Fund, to our account (i.e. the "Fund")."

Op 22 Januarie 1964 word ontvangs deur die "Fund" erken van n bedrag van R602. Die balans wat verskuldig bly is R392.21.

/.....6.

SOUTH AFRICAN CONGRESS OF TRADE UNIONS (S.A.C.T.U.).

Op 16 November 1961 het die "Fund" R100 aan die organisasie geskenk.

CONGRESS OF DEMOCRATS (C.O.D.).

Helen Joseph ('n ingeperkte kragtens die Wet op die Onderdrukking van Kommunisme, 1950), 'n stigterslid van die "Congress of Democrats", was baie bedrywig in die organisasie. Die "Fund" het haar in die "huisarres-saak" verdedig nadat verskeie advokaatsopinies bekom was.

THE CHRISTIAN COUNCIL OF SOUTH AFRICA.

Op 15 Desember 1961 word 'n bedrag van R1581,05 deur die organisasie aan die "Fund" oorbetaal ...

Uit korrespondensie blyk dat die volgende bedrae deur die organisasie by verskillende geleenthede aan die "Fund" betaald is:

R3000,00 aan Port Elizabeth.

R1000,00 aan Durban.

R1000,00 aan Kaapstad.

R200,00 aan Oos-Londen.

Op 26 Mei 1964 is 'n bedrag van 1000 dollars deur die organisasie aan die "Fund" betaald. Hierdie bedrag was ontvang van die "World Council of Churches".

SOUTH-WEST AFRICA NATIONAL UNION (S.W.A.N.U.).

Gedurende September 1962 het die organisasie die "Fund" genader vir finansiële hulp en steun vir sake teen politieke oortreders in Suidwes-Afrika. Behalwe die R330,00 wat die "Fund" op dr. Abrahams spandeer het, was dit nie aktief in Suidwes-Afrika nie.

/.....7.

BLACK SASH.

Gedurende September 1965 was 'n bedrag van R200 aan die organisasie betaal. Dit was deel van 'n bedrag betaal deur die "Fund" aan "South African Institute of Race Relations" vir die "Paarl Riot Commission".

DIE KOMMUNISTIESE PARTY VAN SUID-AFRIKA, DIE SUID-AFRIKAANSE KOMMUNISTIESE PARTY.

Die Britse "Defence and Aid Fund" van "Christian Action" maak deel uit van 'n netwerk organisasies in Brittanje wat bekend is vanweë hulle aanvalle op Suid-Afrika. Die "Fund" in Suid-Afrika was deur die Kommuniste ondersteun en het sy fondse beskikbaar gestel aan die "African National Congress" en die "Kommunistiese Party". Die nou verband tussen die Kommunistiese Party in Suid-Afrika en die "Fund" blyk uit die beëdigde verklaring van 'n Bantoelid van die Suid-Afrikaanse Kommunistiese Party:

"The 'Defence and Aid Fund' which was at this junction (sic) already in existence, was extensively used for the purposes of the South African Communist Party. In turn cash advances towards the fund were made by the South African Communist Party. Who the persons were that served on this Fund's Committee I do not know, except that Rica Hodgson who was in fact a member of the Communist Party was also serving on this Fund's Committee."

Die volgende persone wat as kommuniste gelys is, het as ampsdraers van die "Defence and Aid Fund" opgetree:

- |                     |                    |
|---------------------|--------------------|
| (1) Ruth Slovo      | (5) Bob Hepple     |
| (2) Rica Hodgson    | (6) A.L. Sachs     |
| (3) Violet Weinberg | (7) Abram Fischer. |
| (4) Solly Sachs     |                    |

BUITELANDSE ORGANISASIES.

AMERICAN COMMITTEE ON AFRICA.

Teen die end van 1965 stuur die organisasie \$5500 aan die "Fund" met 'n versoek dat 'n verduideliking verstrekk moet word waarvoor die fondse aangewend sou word.

Die antwoord gedateer 17 Januarie 1966 lui soos volg:-

"One of the 24 accused is from Port Elizabeth who have been awaiting trial since June, 1965. They are mostly young boys, who as far as we know had no particular part in any political movement. They probably belonged to the A.N.C. as did any African with any initiative and remained members after it was banned in 1961 .....

WORLD COUNCIL OF CHURCHES.

Hierdie organisasie het sy bydraes grotendeels gestort in die kas van die "Christian Council of South Africa", maar het tog opdrag gegee dat sekere bedrae vir verdediging van politieke oortreders aangewend moet word. Die volgende bedrae is met tussenposes deur die "Fund" van die organisasie ontvang:

Kaapstad	\$8000.
	R4993.75.
	\$2500.
Port Elizabeth	R1790.67.
	\$5000.
	\$5000.

TRADES UNION CONGRESS (LONDON).

'n Bedrag van R13515 is direk aan die "Fund" in Suid-Afrika betaal sonder bemiddeling van Christian Action, Londen.

/.....9.

CHRISTIAN ACTION (LONDON).

Dit is nie moontlik om die totale bedrag te bepaal wat die organisasie aan die "Fund" oorbetaal het nie. Volgens 'n publikasie wat deur die "Forum World Features" op 26 Februarie 1966 uitgegee is, het "Christian Action" toe alreeds 'n bedrag van R1,000,000 in die Republiek van Suid-Afrika laat spandeer op politieke oortreders en hul gesinne.

INTERNATIONAL CONFEDERATION OF FREE TRADE UNIONS (I.C.F.T.U.).

Op 10 Februarie 1961 word 'n bedrag van R600.00 wat deur die "Fund" aan "Human Rights Welfare Committee" geskenk was deur die I.C.F.T.U. aan die "Fund" vergoed.

Op 10 Junie 1963 skryf dié organisasie aan die "Fund":

"We feel that in view of the increasing critical situation in South Africa, the time has come for the I.C.F.T.U. to show again in a tangible way its sympathy with the victims of the South African regime. It therefore gives me pleasure to announce that we have transferred .....a further sum of £750 with the request that as much as possible the claims of trade Unionists should be taken into consideration .....".

Op 16 Desember 1964 skenk die organisasie nog £1000 aan die "Fund".

BYLAAG "B".

UITOEFENING VAN BEHEER.

Geen enkele geval is teëgekome waar oorleg gepleeg is met die Trustees van die "Fund" voor uitgawes aangegaan is nie. Daar was ook nie 'n enkele vergadering van die Trustees om beleidsrigting neer te lê of die konstitusie aan korrekte vertolking te onderwerp nie.

Niemand was die verpligting opgelê om verantwoording te doen vir fondse wat spandeer word nie. Elke tak het spandeer solank fondse in die verskeie handelsbanke beskikbaar was. Daarna was fondse weer net aangevra.

In 'n memorandum deur die Johannesburg-tak versprei, moes die volgende vertolking aan die Konstitusie gegee word:-

"Defence and Aid renders neither legal assistance nor advice but merely provides funds to enable legal assistance and advice to be given by other persons. Defence and Aid is not a legal aid bureau and so does not render legal advice or assistance. It does not assist persons essentially as a matter of philanthropy but in furtherance of its main object to defend civil rights and liberties. The Fund is prepared to assist without distinction of race, colour, creed or opinion - it is concerned only with the object laid down by its constitution and civil liberties and not with the policies of any organization, body or group of persons".

Telkens is die konstitusie by takke gewysig sonder om die ander takke te verwittig. Met soveel gemak was wysigings aangebring dat die notules net die volgende bevat: "The Constitution was read and amended in a number of places (Notules, Kaapstad se tak gedateer 18 Augustus 1965)." Daar was geen aanduiding watter artikels gewysig was of wat die wysigings behels het nie.

Gelyste kommunis E.S. Sachs wat as organisierende sekretaris van "Christian Action" in Londen opgetree het, gee die volgende vertolking aan die oogmerke van "Defence and Aid":

"The aims of our Defence and Aid Fund are to provide effective legal aid to victims of apartheid who are brought to court or deprived of their liberty by administrative action and also to help their families. Our Fund is pledged to a policy of non violence but in deciding whether we should provide defence and aid in any particular case, we are concerned with the motives and not so much with the acts or omissions; nor are we concerned with the political religious or other beliefs of the person concerned. If the motive is not selfgain, but to further the interests of African freedom, he becomes entitled to our support even if the method employed by him, or the political beliefs he holds does not meet with our approval".

Op 22 April 1963 antwoord John Blundell, Voorsitter van die Kaapse-tak vir Sachs as volg: "... by now it will be clear to you that we are only too anxious to do all we can to find defence wherever and whenever it is required, even if some of us may not be motivated by quite such an unique interpretation of our constitution as you set out in your fourth paragraph." (Hierbo aangehaal).

Na die promulgering van Wet-Nr. 76 van 1962 (wat as Sabotasiewet bekend staan), is die bepalinge van die Konstitusie nie meer as leidraad gebruik vir die aangaan van uitgawes nie. Vroeër was uitgawes aangegaan in die volgende tipe sake:

- (i) Sake waarin lede van verbode organisasies tereggest het.
- (ii) Verbreking van inperkingsbevele.
- (iii) Bevordering van verbode organisasies.

(iv) Fondsinsameling vir verbode organisasies.

(v) Enige sake met 'n politieke kleur waar geen geweld voorkom nie.

Dat die "Fund" vroeër nie sake van geweld verdedig het nie blyk uit die volgende briewe:

Alex Hepple, voorsitter, Johannesburg-tak aan J.D.F. Martin, "Amnesty International", Londen.

"..... For various reasons the Defence and Aid Fund decided not to handle cases involving Sabotage .....". (Brief gedateer 14 Augustus 1962).

Dr. Ellen Hellman, Johannesburg-tak aan J. Hill, ('n ingeperkte kragtens die Wet op die Onderdrukking van Kommunisme, 1950), Durban-tak:

"... What is quite clear is that we do not assist in the defence of Sabotage itself ...". (Brief gedateer 15 September 1962).

Johannesburg se Uitvoerende Komitee besluit op 14 Mei 1962, onder andere:

"In terms of our constitution we do not handle cases under the Explosives Act". Toe Suliman Vallie egter tereg staan op 'n klagte van besit van plofstowwe het die "Fund" hom laat verdedig.

Op 20.9.63 besluit Durban se Uitvoerende Komitee: "..... We were asked to base our decision whether or not to defend on the question of whether or not the infringement of a civil right was involved. .... Sabotage did not fall within this definition".

Ten opsigte van die P.A.C. verhore te Durban besluit die Uitvoerende Komitee:

"..... In accordance with a ruling from Headquarters (Johannesburg) that Defence and Aid Fund could only handle cases where there was a possibility of civil rights being infringed and that sabotage did not come within this definition we gave no financial assistance



through Defence and Aid".

Wat die voorgaande beleid betref, vra domheer Collins op 17 Oktober 1963 vir Johannesburg:

"Has your Defence and Aid Committee out there yet been able to settle the question of whether it will take on defence of those involved in Sabotage cases? ... It is therefore very important that we should know whether we can transmit money for this purpose through your committee or whether we should find some other way of helping them ...".

Die Johannesburg-tak van die "Fund" antwoord die domheer hierop soos volg:

"..... The problem of assisting in cases involving sabotage and violence has not yet been resolved. You will remember that it was decided some time ago that as a matter of principle our Fund could not undertake the defence of persons who embarked upon open acts of violence to compel political changes in this country .... However, there are numerous difficulties, technical and legal, apart from other objections ... meanwhile all are agreed that your best course in regard to the Rivonia trial would be to send funds directly to the instructing attorney, Mr. Joel Joffe, 204 Provident Assurance House, Commissioner Street, Johannesburg. I should also tell you that other mass trials of members of the banned A.N.C. and other Congress groups are pending in East London (106 accused), Port Elizabeth (35 accused) and Durban (19 accused).... It is possible that you will be asked to give direct assistance in those cases too ....."

Selfs plaaslike donateurs was gekant teen verdediging van saboteurs. So skryf G.E. Bevan van Pretoria

op 27 Junie 1963 aan die "Fund" te Johannesburg:

"....I should be glad to make another contribution ... I am not prepared to help defend such as those three members of the P.A.C. who were given life sentences recently for sabotage and planning the murder of Whites, the poisoning by black servants of their employers - I have no wish to assist in the promotion of an imitation Mau-Mau in South Africa".

Sonder formele wysiginge van die Konstitusie het die plaaslike takke een na die ander fondse gebruik vir Sabotasie- en ander sake van geweld. So skryf die Johannesburg-tak op 20 Oktober 1964 aan die Kaapse-tak van die "Fund": ".... It has been decided in principle that Defence and Aid should assist financially in the defence of the 2 sabotage trials in Cape Town ...", en op 29 Oktober 1964 aan "World Council of Churches":

".... A decision has been reached by the Committee to assist financially in the defence of sabotage cases ...", en op 30 Oktober 1964 aan "Christian Action" Londen: ".... Now that sabotage trials are starting at various centres in South Africa, there has been considerable discussion about the attitude of Defence and Aid. It has been decided that those cases should not be excluded ...". Na die instemming van die "Fund" in Suid-Afrika om sabotasiesake te dedig het domheer Collins 'n toespraak by die V.V.C. gelewe Onder andere het hy die volgende gesê:

".... To put matters right in South-Africa requires political action on a big scale ... it seems probable that only external pressures and the threat of execution of internal revolution will bring about the desired result ... And of much importance, in my opinion,

is the fact that the contribution of Defence and Aid in this respect fosters the morale of the Internal Resistance . it is the resistance movement in South Africa which alone can give South Africa the ability to become a non racial society ... By caring for their families we build their morale in gaol ... no political organization which seeks to change South Africa's racial policies can function properly in the open ... Those who wish to continue the struggle have to go underground. Nor have I touched upon the necessity to provide for the families and dependants of the underground resistance. But what man or woman can happily or easily undertake such dangerous work if he or she knows that, by doing so, the well being of the children and other dependants is at stake".

Die geld vir die Rivonia-saak was direk deur Christian Action, Londen aan die opdraggewende prokureur gestuur en het R34,000 beloop. Die Fischer saak wat deur die Fund betaal was, het R17,669 beloop.

As gevolg van die feit dat die Trustees van die "Fund" no geraadpleeg was nie en elke tak van die "Fund" selfstandig opgetree het, was dit onmoontlik om uit 'n enkele bron inligting te bekom.

"Christian Action" het direk aan Ruth Hayman 'n bedrag van R1,397.75 vir die Harris-saak betaal. Dit was nie moontlik om te bepaal of die bedrae van R34,000 en R1397.75 enige batige saldo gelaat het nie.

BYLAAG "C".

FONDSBESTEDING.

(i) Prokureur L. Mtshizana ('n ingeperkte kragtens die Wet op die Onderdrukking van Kommunisme, 1950), 'n lid van die Uitvoerende Komitee, Oos Londen, wat in verskeie sake opgetree het namens die "Fund" was later aangekla op verskeie klagtes van regsverdeling. Die "Fund" het R918 spandeer om die saak te verdedig. Hy is egter skuldig bevind en van die rol van prokureurs geskrap wat die "Fund" 'n verdere R300 gekos het.

(ii) Dit het geen verskil gemaak watter oortreding gepleeg was nie maar as die oortreder 'n politieke agitator was, was hy verdedig. So is daar vir politieke agitators boetes wat deur die howe opgelê is, betaal, kapitaal verskaf om besighede mee te begin, versekeringspremies betaal, sakgeld verskaf tydens aanhouding en daarna, en vervoerkoste van meubels, Bantoebelasting en begrafniskoste betaal. Hierdie bedrae word in die boekhouding as "summary advances" aangetoon en word later afgeskryf of dit word teen welsynfondse gedebiteer. Die volgende tipe sake was ook deur die "Fund" verdedig: betreding, meineed, moord, brandstigting oortreding in gevangnisse, aanranding op bewaarders, bedrog, weier om getuienis af te lê, kwaadwillige saakbeskadiging en openbare geweld.

(iii) Die Kaapse Komitee van die "Fund" het R10 per maand bestee om vir Sobukwe op Robbeneiland van grammofoonplate, tabak, sigarette, groente en blomsaad te voorsien.

(iv) Aan Sonia Bunting (gelyste Kommunis No. 114) is met haar vertrek uit Kaapstad 'n "handwoven Morocian bedspread" as geskenk deur die "Fund" aangebied.

(v) Op 4 Oktober 1965 skryf Dennis Scarr, voorsitter van Port Elizabeth-tak, aan Alan Paton;

"As you know I am endeavouring to start a library of court records to assist Counsel ... I believe you have some money available ... could you let me have R500 for this?".

Op 14 Oktober 1965 antwoord Paton:

"... Enclosed you will find a cheque for R500. Will you please write to me acknowledging the gift and ask for your thanks to be conveyed to the Presbyterian Church in America for their help. Please indicate briefly what the money is being used for but I think we should give some more human and immediate reason than the need for court records".

Op 27 Oktober 1965 antwoord Scarr:

"... Thank you very much for the cheque. Please convey the very sincere thanks of Defence and Aid Fund, Port Elizabeth to the Presbyterian Church in America. We intend to use these funds solely for furthering the welfare of awaiting trial prisoners, many of whom as you know are held for many months before appearing in Court". Van die biblioteek is niks gevind nie - ook nie wat van die R500 geword het nie.

(vi) Looksmart Solwandhla Ngudle was 'n 90-dae aangehoudene en tydens aanhouding het hy selfmoord gepleeg deur homself in sy sel op te hang. Met die geregtelike nadoodse ondersoek was regsverteenvoerders vir die familie verskaf deur die "Fund". 'n Bedrag van R3,004 was hieraan bestee.

BYLAAG "D".

FONDSINSAMELING.

(i) In die saak van die Staat teen Vuyesile en andere was Vuyesile skuldig bevind aan moord en ter dood veroordeel. In 'n bedeladvertensie beweer die domheer dat Vuyesile gehang is omdat hy nie teen sy boesemvriend Wilton Mkwai wou getuig nie, maar Wilton Mkwai het toe alreeds gevlug na Basoetoland. So verwronge was die feite in "The Observer" in Londen weergegee dat hy deur Suid-Afrika Huis tereg gewys was en sy bedeladvertensie moes onttrek.

(ii) Op 24 April 1961 skryf Patrick van Rensburg van "Christian Action", Londen aan die "Fund" te Johannesburg: "...I am assuming that something is being done about Canon Collin's request for a new set of priorities and anticipating that the letter you said you are writing today (Monday) will deal with it. Can you do something further about this, incorporating the new priorities in a letter to the Editor of "The Observer". To carry on collecting we must use every trick in the book".

(iii) In Mei 1964 skryf "Bill Hoffenberg" (volgens die stukke dr. Raymond Hoffenberg wat Voorsitter van die bestuurskomitee te Kaapstad was toe die "Fund" onwettig verklaar is) uit Londen aan die Kaapse-tak van die "Fund": "... An interim report from the land of the free. Have spent many hours making myself very unpopular at the Defence and Aid Offices here.

/2....

*Handed at money fields as the book's*

